Get more papers from: www.mycourses.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website:** www.ecdoe.gov.za

# 2022 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL** | | |
| **QUESTION PAPER** | 1 | **2 X** | 3 |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **2 HRS 30 MINS** | | |
| **PROVINCE** | **EASTERN CAPE** | | |
| **DATES OF MARKING** | **09.12.2022 – 23.12.2022** | | |

www.mycourses.co.za

## SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

Die vraestel het voldoen aan die voorskrifte in die Eksamenriglyne en die KABV-dokument. Hierdie was 'n billike vraestel en die kandidate het oor die algemeen beter gevaar in Paljas, Lien se Lankstaanskoene, Fiela se kind en gedigte. Die hoogste punt was 69 (uit 70) en die laagste punt was 1. Die slaagpersentasie vir die vraestel was 73,1 %. Die kandidate wat die swakste gevaar het, het verkeerde keuses uitgeoefen. Die verspreiding van vlakke was soos volg:

Vlak 1: 26,9 %

Vlak 2: 16,0 %

Vlak 3: 16,4 %

Vlak 4: 16,0 %

Vlak 5: 12,6 %

Vlak 6: 7,7 %

Vlak 7: 4,4 %

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**SECTION 2:**

**VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – DALENE MATTHEE**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Hierdie vraag is uiters swak beantwoord. Dit wil voorkom asof geen skole hierdie boek behandel nie; dus kan die kandidate nie die vrae beantwoord nie. Die rede waarom die leerders nie die vrae kon beantwoord nie was weens hul swak taalkennis en omdat hul nie die roman behandel het nie.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die hoofrede is verkeerde keuse vrae. Die kandidate beantwoord die hele vraestel en nie twee vrae soos vereis nie Slegs die eerste twee genres word nagesien.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Skole kan eerder 'n ander genre kies, bv. Fiela se kind, Lien se lankstaanskoene, kortverhale of gedigte wat 'n moderner aanklank by die leerders sal hê.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Geen vrae was sinvol beantwoord nie. Onderwysers moet die boek deeglik bespreek.

Vorige vraestelle is 'n goeie hersieningsbron met die verskillende tipes vrae wat gevra word, die uiteensetting van die vraestel en die verskillende moontlike tipes vrae wat getoets kan word.

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – MARITA VAN DER VYVER**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Slegs een sentrum het hierdie vraag beantwoord. Oor die algemeen het die leerders gemiddeld gevaar. Diegene wat geleer het, sou goed gevaar het. Die vrae was redelik met een of twee uitsonderings.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Baie kandidate het egter verkeerde vrae beantwoord en/of nie die verkeerde keuses deurgetrek nie. Verskeie kandidate het nie die instruksies gevolg nie en al die vrae probeer beantwoord en omdat vraag 1 en 2 dieselfde genres is, is vraag 2 nie nagesien nie.

Let op die volgende vrae:

2.2 Kandidate het ander antwoorde verskaf wat nie aan die nasienriglyne gekoppel kon word nie, bv. Beyers se gesin en Mana se gesin het saamgekom om een nuwe gesin te vorm.

2.4.2 Leerders verduidelik "sarkasties" op 'n logiese wyse wat nie op die nasienriglyne was nie, bv. Yann antwoord sarkasties, want hy wil nie 'n kamer deel nie.

2.13 Kandidate het die vraag interpreteer as 'n aanvanklike opinie jeens Margot teenoor 'n meer onlangse veranderde opinie.

2.14 Die kandidate het die vraag op drie maniere beantwoord, nl. Wat Hanna wou hê; wat Hanna nie het nie en wat Fabienne gehad het wat sy wou hê.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Fokus op verduidelikings van karakters se emosies wat in dialoog bespeur word.
Herinner leerders om "les"- of "doel"-vrae binne konteks te beantwoord.
Verduidelik die voordele en nadele van verskillende vertellers.
Verhaalinhoud kan vasgelê word deur gereelde kort inhoudstoetse.
Begrippe soos konflik, verskil, figuurlike betekenis, ironie, ooreenkoms, ens. benodig intensiewe aandag in die klaskamer.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Die inhoudsopgawe en die uitleg van die vraestel kan met die leerlinge bespreek word om verkeerde keuses uit te skakel.
Vorige vraestelle is'n waardevolle bron as voorbereiding vir die eksamen.



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 3: MEEULANDERS – ESTA STEYN**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Al die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het dit as 'n verkeerde keuse beantwoord. Dit wil voorkom asof hierdie boek nie deur enige skool behandel word nie; derhalwe het die kandidate baie swak gevaar.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die hoofrede is dat dit 'n verkeerde keuse vraag is.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Skole kan eerder 'n ander genre kies, bv. Fiela se kind, Lien se lankstaanskoene, kortverhale of gedigte wat 'n moderner aanklank by die leerders sal hê.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Geen vrae is sinvol beantwoord nie. Die inhoudsopgawe en die uitleg van die vraestel kan met die leerlinge bespreek word om verkeerde keuses uit te skakel.

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – DERICK VAN DER WALT**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Hierdie boek is oor die algemeen baie goed beantwoord. Merkers was deurgaans bewus dat opvoeders hulle goed van hul taak gekwyt het met die onderrig van Lien. Leerders wat die taal goed magtig is, het 'n voordeel met die beantwoording van hierdie boek se vrae. Leerders gebruik steeds te veel Engelse woorde wat hul antwoorde se betekenis nadelig beïnvloed.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

4.3 Kandidate verstaan nie dat Lien en Wouter "aanvanklik / eers" nie van die nuwe skool gehou het nie. Baie kandidate skryf "Lien en Wouter hou nie van skool nie."

4.7 Kandidate weet nie waar in die boek die gebeure plaasvind nie. Fokus op die matriekafskeid i.p.v. die partytjie na die konsert.

4.8 Kandidate fokus op die letterlike betekenis van "eet" in "Eat your hearts out."

4.10 Kandidate fokus op 'n algemene lewensles i.p.v. 'n les wat in konteks by Wouter geleer kan word.

4.11 Volgorde-vrae is swak beantwoord wat 'n aanduiding is dat kandidate nie die inhoud van die verhaal ken nie.

4.12 Kandidate kan nie die figuurlike betekenis van "die vloei van die rivier" weergee nie.

4.15 Kandidate kan nie die verskil tussen Lien se bedelaarsvriende en skoolvriende goed bewoord nie.

4.17 Kandidate het net op een van die twee karakters gefokus.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Die inhoud van die boek moet deeglik onderrig word. 'n Oorsigtelike, basiese kennis van die inhoud is nie voldoende nie. Die volgorde en die spesifieke tydlyn van gebeure moet deeglik onderrig word.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Kandidate gebruik te veel Engelse woorde in hul antwoorde. Slegs die Engelse woorde wat in die teks voorkom, is toelaatbaar. Die konteks van antwoorde moet aan die uittreksel gekoppel word waar daar spesifiek daarvoor gevra word. Die teks is steeds die belangrikste bron wat in die klas gebruik moet word. Die fliek moet net as 'n aanvullende bron gebruik word. Kandidate moet bewus gemaak word van die verskille tussen die fliek en die teks.

Vorige vraestelle bly 'n waardevolle bron vir die verskillende tipes vrae wat gevra word.

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

## VRAAG 5: POPPIE – DIE DRAMA – ELSA JOUBERT EN SANDRA KOTZÉ

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Slegs twee sentrums het hierdie vraag uit eie keuse beantwoord. Die res was 'n verkeerde keuse. Die drama is te moeilik vir Addisionele Taal-leerders. Kandidate het 'n beperkte woordeskat en sukkel gevolglik om hulself uit te druk. Die uitgebreide karakters en die vele tydspronge maak hierdie 'n ingewikkelde drama.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

5.2 Leerders was onseker oor die tyd van die onruste waar die biersaal afgebrand word of die tyd van die paswet. Kandidate kon slegs een punt kry – geen leerder het "paswet" by antwoord bygevoeg nie.

5.8 Leerders sukkel om woorde te gebruik wat emosie aandui.

5.12 Volgorde-vrae is swak beantwoord wat 'n aanduiding is dat kandidate nie die inhoud van die verhaal ken nie.

5.16 Hierdie vraag is swak beantwoord omdat kandidate nie beide kante van ironie noem nie.

5.17 Kandidate het inligting oor Jakkie, maar nie Mosie nie, verskaf.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Korrekte drama-terminologie (bv. Toneelaanwysings) moet onderrig word. Verhaal-inhoud kan vasgelê word deur gereelde kort inhoudstoetse. Begrippe soos konflik, verskil, figuurlike betekenis, ironie, ooreenkoms, ens. benodig intensiewe aandag in die klaskamer.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Die teks is steeds die belangrikste bron wat in die klas gebruik moet word. Die fliek moet net as 'n aanvullende bron gebruik word. Kandidate moet bewus gemaak word van die verskille tussen die fliek en die teks.

Vorige vraestelle bly 'n waardevolle bron vir die verskillende tipes vrae wat gevra word.

Skole kan eerder 'n ander genre kies, bv. Fiela se kind, Lien se lankstaanskoene, kortverhale of gedigte wat 'n moderner aanklank by die leerders sal hê.

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

## VRAAG 6: PALJAS – CHRIS BARNARD

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Kandidate het hierdie vraag oor die algemeen goed beantwoord. Onderwysers het die boek deeglik behandel. Kandidate het 'n goeie kennis van die karakters en die inhoud van die drama.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

6.2 Min kandidate het die aksies verstaan. Die meeste het geskryf "grimering" – hulle het nie by "dieregeluide" uitgekom nie.

6.11 Volgorde-vrae is swak beantwoord wat 'n aanduiding is dat kandidate nie die inhoud van die verhaal ken nie.

6.16 Kandidate het die vraag as hul antwoord herhaal en min het die spesifieke voorbeelde genoem nie.

6.17 Min kandidate het twee punte verdien. 'n Beperkte kennis van die inhoud veroorsaak dat kandidate nie kon onderskei tussen die dag toe die sirkustrein aangekom het en die dag toe Manuel weggegaan het.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Korrekte drama-terminologie (bv. Toneelaanwysings) moet onderrig word. Verhaalinhoud kan vasgelê word deur gereelde kort inhoudstoetse. Begrippe soos konflik, verskil, figuurlike betekenis, ironie, ooreenkoms, ens. benodig intensiewe aandag in die klaskamer.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Dit is belangrik om te onthou dat die uittreksels slegs 'n konteks verskaf. Die teks is steeds die belangrikste bron wat in die klas gebruik moet word. Die fliek moet net as 'n aanvullende bron gebruik word. Kandidate moet bewus gemaak word van die verskille tussen die fliek en die teks.

Vorige vraestelle bly 'n waardevolle bron vir die verskillende tipes vrae wat gevra word.

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

## VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – DALENE MATTHEE

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Hierdie vraag is deur die meeste sentrums beantwoord. Daar was 'n beduidende verbetering in die kandidate se punte vir hierdie vraag.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

7.1.1-7.1.4 Kandidate toon 'n gebrek aan spel-kennis en woorde word dikwels in so 'n mate verkeerd geskryf dat die antwoord "verkeerd" voorkom. 'n Gebrek aan basiese inhoudskennis het ook hier duidelik voorgekom.

7.9 Kandidate fokus op Lukas se voordeel i.p.v. Nina se toekoms.

7.12 Kandidate gebruik nie eie woorde vir "lospraat" nie en gee net 'n sinoniem i.p.v. wat daarmee bedoel word.

7.14.2 Kandidate verduidelik nie die betekenis van "koue" nie – gee net 'n algemene verwysing na emosies en nie 'n spesifieke emosie nie.

7.17 Kandidate kom dikwels net by die een kant van ironie uit en noem nie beide kante nie.

7.18 Kandidate interpreteer hierdie vraag inkorre. Hulle gee die raad wat Fiela aan Benjamin gegee het en beantwoord nie die vraag: "waarom is dit goeie raad" nie.

7.20 Kandidate raak verward met "les" en "doel".

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Korrekte drama-terminologie (bv. Toneelaanwysings) moet onderrig word. Verhaalinhoud kan vasgelê word deur gereelde kort inhoudstoetse. Begrippe soos konflik, verskil, figuurlike betekenis, ironie, ooreenkoms, ens. benodig intensiewe aandag in die klaskamer.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Die teks is steeds die belangrikste bron wat in die klas gebruik moet word. Die fliek moet net as 'n aanvullende bron gebruik word. Dit is belangrik om egter te onthou dat die meer modern weergawe van die film tog afwyk van die oorspronkilike storie. Onderwysers word dus aangeraai om eerder die ouer weergawe aan leerders te wys. Kandidate moet bewus gemaak word van die verskille tussen die fliek en die teks.

Vorige vraestelle bly 'n waardevolle bron vir die verskillende tipes vrae wat gevra word.

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 8.1 "OOM DRIES SE SORGE MET JANTJIE" – FELICIA GOOSEN**
**VRAAG 8.2 "DIE BALLADE VAN ROBBIE DE WEE" – DEON MEYER**

Die vrae was billik en die kandidate wat voorberei het, het redelik goed gevaar. Kandidate het beter gevaar in "Oom Dries se sorge met Jantjie".

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

8.1.2 Kandidate het nie die gebeure onderskei nie. Voor die middag is verlang en nie na middag nie. Die vraag was baie spesifiek en baie spesifieke inhoudskennis is van kandidate verwag.

8.2.1 Volgorde-vraag is swak beantwoord wat dui op 'n tekort aan

8.2.2 Die kandidate het nie die uitdrukking verstaan nie.

8.2.3 Die vraag was swak beantwoord. "Weersin" en "empatie" was moeilike woorde wat hul nie verstaan het nie.

8.2.5(b) Kandidate het die redes vir Robbie se spanning omskryf i.p.v. die tegnieke wat in die teks gebruik is.

8.2.6 Die kandidate kon nie die gesprek as konflik interpreteer nie.

8.2.7 Kandidate sukkel om by beide kante van ironie uit te kom.

8.2.8 Kandidate het nie by die "weer" in Len se verkeerde optrede uitgekom nie.

8.2.10 Kandidate verstaan nie die betekenis van "ballade" nie. "Gepas" word interpreteer as die les van die verhaal.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Dit was duidelik dat baie kandidate nie die fyner besonderhede van die verhale geken het nie. Hulle het eerder 'n geheelbeeld gehad en het dan gesukkel met die direkte vrae. Die inhoud van die kortverhale moet dus deeglik ingeskerp word.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

By koppelvrae beantwoord baie kandidate net (b) en nie (a) nie. (a) moet beantwoord word vir (b) om 'n punt te verdien.
Waar een woord verlang word, skryf leerders twee opsies en verwag dat die merker die keuse vir hul moet maak. Hierdie antwoorde word verkeerd gemerk.
Begrippe soos konflik, verskil, figuurlike betekenis, ironie, ooreenkoms, ens. benodig intensiewe aandag in die klaskamer.

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 9.1 "TIEN HAIKOES VIR DIE VREDEFORTKOEPEL" - HANS DU PLESSIS**
**VRAAG 9.2 "BOEKMERK" – MARLISE JOUBERT**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

HIerdie vraag is oor die algemeen redelik goed beantwoord.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

9.1.1 Die meeste kandidate het nie 'n pleknaam gegee nie, maar eerder die woord "aarde" as 'n antwoord geskryf.
9.1.2 Kandidate was verward tussen woorde soos "strofe", "haikoe", "reël" en "tersine".
9.1.5 Kandidate het nie spesifiek na Haikoe 3 en Haikoe 4 verwys nie.
9.1.9 Kandidate herskryf net die titel van die haikoe en nie hoekom die titel gepas is nie.
9.1.10(b) Die korrekte verband met "verwoes" (uit vraag. 9.1.10(a)) is nie uitgelig nie.
9.2.1 Kandidate noem eerder die digter se naam i.p.v. die spreker.
9.2.3(b) Kandidate verstaan nie die figuurlike betekenis van "stoei" nie.
9.2.4 Kandidate verwys na onderwyseres se skooldae en nie na die ooreenkomste tussen haar en die kinders nie.
9.2.5 Kandidate ken nie die tegnieke wat gebruik word nie. Tegnieke word ook omskryf en die letterkundige terminologie word nie gebruik nie.
9.2.6(b) Kandidate kan nie die korrekte "wending" in die gedig verduidelik nie.
9.2.7 Kandidate ken nie die term "toon" nie. Woorde wat emosies beskryf, word nie gebruik nie. Baie kandidate gee 'n beskrywing van wat in hierdie gedeeltes voorkom.
9.2.9 Kandidate verduidelik wie die "ons" is en nie die rede waarom die voornaamwoord gepas is nie.

(c ) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Onderwysers moet die volgende begrippe by leerders inskerp:

~ "een woord antwoorde"
~ twee opeenvolgende woorde
~ waarom-vrae vereis 'n verduideliking – wat wys dat die kandidaat kennis van die gedig se inhoud en betekenis het.

Leerders moet aangeraai word om afstand te doen van Engelse antwoorde.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Onderwysers moet wegdoen om leerders in Engels te onderrig om die gebruik van Engelse terme te vermy. Die aanleer van gepaste Afrikaans terminologie word ten sterkste aangeraai.



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

www.mycourses.co.za

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 70**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 40 bladsye.**


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.


| AFDELING A: ROMAN<br><br>Beantwoord slegs EEN vraag. | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 9 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 13 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 17 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 21 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 25 |
| | | |
| 7. *Fiela se Kind – Die Drama* | 35 | 29 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Oom Dries se sorge met Jantjie" | 18 | 33 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Die ballade van Robbie de Wee" | 17 | 35 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Tien haikoes vir die Vredefortkoepel" | 18 | 37 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Boekmerk" | 17 | 39 |


www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| **AFDELING** | **VRAAGNOMMERS** | **GETAL VRAE BEANTWOORD** | **DUI AAN (✓)** |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

"Ek hou nie van jou as jy so kwaad word nie."

"Ek word kwaad as hulle sê die bosmense is dom, Kate! Ek sê nie hulle is almal ewe slim nie, maar baie is slim. Eintlik is hulle net blind vir dinge. En bang."

"Vir die olifante?" het sy geterg.

"Nee. Dis 'n ander soort bang, 'n bang vir alles buite die Bos. Vra vir my, ek weet. En intussen moet hulle leef, en om te kan leef, moet hulle hout kap. Ek sê vir jou, in hul harte weet hulle net so goed soos ek dat hulle besig is om die Bos dood te kap, maar hulle bestry dit omdat hulle nêrens het om heen te vlug nie."

"Vertel my nog van Oupoot," het sy die gesprek in 'n ander rigting gestuur.

"Ek het jou alles vertel."

"Jy jok. Jy's nou sommer snaaks."

"Ons is vas, Kate!" het die ou vrees hom nukkerig gehou.

Sy het met haar rok se band gesit en speel en nie opgekyk toe sy die vraag vra nie: "Hoekom het jy hier kom werk?"

"Omdat my pa my weggejaag het en ek gereken het ek sou hier geld verdien. Ek wou net drie pond bymekaargemaak het om op 'n skip te kon klim."

"Om waarheen weg te gaan?" het sy onrustig gevra. Elke keer as hy van weggaan praat, ..."

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer.

Toe Saul se pa hom weggejaag het, het hy vir Mister (1.1.1) ... op die dorp gaan werk. Elke Sondag het Kate skelm vir Saul agter in die (1.1.2) ... gaan kuier. Tydens hierdie kuiertjies het Kate vir Saul (1.1.3) ... geleer. Na twee jaar is Saul saam met mister Patterson Bos toe gestuur sodat Patterson kon kyk waar die (1.1.4) ... is. (4)

1.2 "... 'n bang vir alles buite die Bos." (Reël 5)

Wat bedoel Saul met hierdie woorde? (1)

1.3 "En intussen moet hulle leef, en om te kan leef, moet hulle hout kap." (Reël 6)

Verduidelik hoe die houtkopers dit vir die houtkappers moeilik gemaak het om hulle hout te verkoop. Gee TWEE redes. (2)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


1.4 Saul het baie hartseer in sy lewe geken.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Saul se ma en sy suster, Sara, is dood. | A | Saul se pa het hom met 'n stuk assegaaihout geslaan. |
| 1.4.2 | Saul het geweier om die kalander af te kap. | B | Saul het besef dat die houtkappers nooit uit die skuld sal kom nie. |
| 1.4.3 | Saul is dorp toe gestuur om twak, koffie en suiker te gaan haal. | C | Die houtkappers het Saul 'n spaai genoem. |
| 1.4.4 | Saul het die olifanttande op die houtkappers se waens gesien. | D | Saul het die bloubokkie se kop oopgekap. |
| | | E | Saul het Oupoot die eerste keer gesien op pad Diepwalle toe. |

(4 x 1) (4)

1.5 Lees reëls 5 tot 9.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit Saul se woorde kan ons aflei dat hy (verbaas/magteloos) oor die bosmense se situasie gevoel het. (1)

1.6 Kate het Saul se liefde vir Oupoot verstaan en het vir Saul iets spesiaals gegee wat sy self gemaak het.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.7) neer.

Omdat Saul vir 'n houtkoper op die dorp gaan werk het, is hy as ... gebrandmerk.

A opstoker
B verraaier
C draadsitter
D moeilikheidmaker (1)

1.8 Waarom was dit onregverdig van Joram Barnard om Saul uit die Bos weg te jaag? (1)

1.9 Waarom kan 'n mens verstaan dat Saul die droom gehad het om met 'n skip weg te gaan? (1)

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


1.10 Kate se pa wou nie gehad het dat sy met bosmense praat nie, maar sy het met Saul vriende gemaak.

Watter les kan jy by Kate leer wat jy in jou eie lewe kan toepas? (1)

1.11 Dink aan hoe die roman vir Kate en Saul geëindig het. Waarom kan jy begrip hê vir die onrustigheid wat Kate in hierdie uittreksel gevoel het? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

... Ek het dit bewys! Ek móés dit bewys, Pa.

Nou sou daardie hek nooit oopkom nie; Joram Barnard het een boom te veel gekap.

Hy het opgestaan en na Maska toe geloop. "Hoe het jy geweet ek is hier?"

"Ek weet nog al die jare lat jy hier is. Die eerste winter het ek al geweet waarlat jou skerm is – ek sien jy het hom groter gemaak. Amper nes 'n huis."

"Van die eerste winter af?" het hy verstom gevra.

"Ja. Jou pa het my gestuur om te kyk waar jy is en of dit reg gaan met jou."

Dit was die laaste keer dat Saul Barnard gehuil het.

Hy het nie by die begrafnis gehuil nie. Daar het Jozef en Izak en Magdalena en oom Anneries gehuil. Hy het eenkant gestaan en skuldig gevoel omdat hy nie flenterig soos hulle was nie en homself verwens dat hy gekom het. Hy het eers by Groot Eiland loop agterkom dat Jozef nie vir Maska gestuur het om hom te loop sê nie. Maska het dit op homself geneem om dit te doen omdat hy geglo het dit hoort so.

Hy is ook onmiddellik ná die begrafnis weg.

'n Uur anderkant Groot Eiland het hy Oupoot gekry. Rustig aan't wieg in 'n streep son in die middel van 'n sleeppad en skaars twintig tree van waar Saul verskrik vasgesteek het.

www.mycourses.co.za

1.12 "Ek het dit bewys! Ek móés dit bewys, Pa." (Reël 1)

Hoe het Saul die dorpsmense se opinie van die bosmense verkeerd bewys? Noem DRIE dinge. (3)

1.13 "Nou sou daardie hek nooit oopkom nie; ..." (Reël 2)

1.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie stelling word (letterlik/figuurlik) bedoel. (1)

1.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.13.1. (1)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


1.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.14) neer.

Dis ironies dat 'n "upright" Joram Barnard se dood veroorsaak het, want hy ...

A is in die bos gebore.
B het sy eie houtkapspan gehad.
C het geweet hoe om 'n boom neer te lê.
D het die verskillende bome goed geken. (1)

1.15 "Maska het dit op homself geneem om dit te doen omdat hy geglo het dit hoort so." (Reël 12 en 13)

Waarom kan 'n mens sê dat Maska deur die loop van die hele roman gewys het dat hy altyd daar was vir Saul? (1)

1.16 Jozef het nie vir Maska gestuur om vir Saul van hulle pa se dood te vertel nie.

Waarom kan 'n mens verstaan dat Jozef so opgetree het? (1)

1.17 Hoe het Saul se houding teenoor Jozef by hulle pa se begrafnis verskil van sy houding teenoor Jozef in die slot van die verhaal? (2)

1.18 Oupoot het vir Saul as sy mens-broer gekies.

Dink aan Oupoot en Saul se lewe en optrede en noem TWEE ooreenkomste. (2)

1.19 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die Goewerment het toestemming gegee dat die delwers kon aanbly.
- Saul het miss Keyter se huisie op die dorp gehuur en die bos verlaat.
- Saul het weer vir Kate gesien toe sy in Meulbos kom skoolhou het.
- Kort na Joram se dood het Saul die nuus gekry dat Osborne rifgoud ontdek het. (4)

1.20 In die verhaal spring die storielyn gereeld tussen die hede en die verlede.

Wat, dink jy, was die skrywer se doel met dié tydspronge? (1)
**[35]**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

... Toe Mana en Beyers teen die einde van laas jaar trou, moes ons 'n groter huis vir die hele spul van ons soek. En soos ek reeds laat glip het, rol ons nie juis rond in die rande nie. Probeer jy nou 'n huis met minstens vyf slaapkamers soek, en boonop 'n garage of 'n buitekamer of 'n plek wat Mana as ateljee kan gebruik, teen 'n prys wat twee mense sonder 'n vaste inkomste kan bekostig. 'n Akteur en 'n skilder. *I ask you*. Dis wat op elke eiendomsagent se gesig geskryf gestaan het. 'n Akteur en 'n skilder met vier kinders tussen hulle. En 'n vyfde baba op pad. *Tj, tj, tj*.

Ons het probeer om kamers uit te skakel. Tibo en Amos kan mos 'n kamer deel, het Beyers voorgestel. Sy weet darem nie, het Mana gesê. Soos dié twee baklei, sal hulle mekaar binne die eerste paar weke vermoor. Nie 'n slegte idee nie, het Yann gemeen. Dit maak tog meer sin om familielede uit te skakel as om kamers uit te skakel.

"Pasop," het Beyers gewaarsku, "of ons sit vir jóú ook saam met hulle in 'n kamer."

"Great," het Yann gesê. "Hulle sal my binne 'n maand tot waansin dryf, dan kan julle my in 'n gestig gaan toesluit. Dan het julle sommer van drie kinders ontslae geraak. Wie bly oor?"

Hy het na my gekyk. Betekenisvol, soos hulle sê.

"Nee!" het ek gekeer.

www.mycourses.co.za

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer.

Hanna het vasgekeer gevoel op (2.1.1) …-berg waar sy haar (2.1.2) … verjaarsdag sou moet deurbring. Dit was eintlik Mana se idee dat die hele gesin saam op hulle (2.1.3) … gaan. Hanna kon nie wag dat haar vriendin, (2.1.4) …, by hulle sou aansluit nie. (4)

2.2 Verduidelik waarom Hanna haar gesin 'n aangelapte gesin genoem het. Gee TWEE redes. (2)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


2.3 Die vakansie op die berg was baie interessant.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.3.1 tot 2.3.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.3.1 | Die gesin was vasgekeer op die berg. | A | Hanna het besef dat haar gesin haar eintlik goed geken het. |
| 2.3.2 | Gavin het ook opgedaag vir Hanna se verjaarsdag. | B | Die afskeid het almal laat besef dat familie belangrik is. |
| 2.3.3 | Hanna het haar verjaardag saam met haar hele gesin gevier. | C | Hanna sou in die toekoms 'n beter verhouding met haar pa hê. |
| 2.3.4 | Die helikopter het gekom om die gesin te red. | D | Hanna het besluit dat sy nie meer wou skryf nie. |
| | | E | Ditjie se geboorte was anders as die gewone. |

(4 x 1) (4)

2.4 " 'Great,' het Yann gesê." (Reël 13)

2.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit sê vir ons dat Yann (bekommerd/sarkasties) was. (1)

2.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.4.1. (1)

2.5 Beyers het 'n positiewe rol in Mana se lewe gespeel.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.6) neer.

" 'Nee!' het ek gekeer." (Reël 17)

Met hierdie woorde bedoel Hanna dat hulle nie moes dink dat ...

A hulle 'n duur huis kon bekostig nie.
B 'n vyfde baba 'n goeie idee was nie.
C sy 'n kamer met iemand sou deel nie.
D Tibo en Amos 'n kamer met Yann wou deel nie. (1)

2.7 Waarom is dit gepas dat die skrywer 'n ek-spreker in hierdie roman gebruik? (1)

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


2.8 Lees reëls 13 tot 17.

Waarom, dink jy, kan hierdie konflik in Hanna-hulle se huis as realisties beskryf word? (1)

2.9 "*I ask you*." (Reël 5)

Waarom kan 'n mens verstaan dat Hanna só op haar gesin se soeke na 'n huis gereageer het? (1)

2.10 Watter les oor materiële dinge het jy by Hanna ná die vakansie op die berg geleer? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Beyers en Mana sit langs die kombuistafel en koffie drink.

"Sjjt," fluister Mana met 'n vinger voor haar lippe. "Ons probeer tel hoeveel verskillende soorte voëls ons kan hoor."

"Dis wat my wakker gemaak het." Ek gaan haal die kan op die koolstoof en skink vir my ook 'n beker koffie. "Dit lyk of Margot eindelik gaan wegkom. Dis wonderlik, nè?"

"Wonderlik vir haar?" vra Beyers. "Of wonderlik vir ons?"

Sy oë blink oor die rand van sy beker.

"Vir haar én vir ons." Ek dompel 'n stuk karringmelkbeskuit in die koffie en suig versigtig daaraan. Ná twee weke het ek geleer dat dit die beste manier is om hierdie boeretroos afgesluk te kry. "Alhoewel … ek het nogal gewoond begin raak aan haar ..."

"Dit beteken nie dat sy vandag al gaan wegkom nie," sug Beyers.

"Ons weet nie hoe lank dit nog gaan wees voor die rivier begin sak nie."

'n Heldin uit 'n avontuurverhaal, liewe leser. Dis wat ons nou nodig het. Nie 'n bedorwe brokkie soos Fabienne nie, nog minder 'n ou bangbroek soos Hanna Hoekom. Ons het 'n meisiekind met moed en spiere nodig, iemand wat fiks en vreesloos genoeg is om deur 'n bruisende rivier te swem en 'n paar uur na die naaste dorp te draf om hulp vir haar vasgekeerde geliefdes te gaan haal.

Margot het spiere. En sy is waarskynlik fikser as enigiemand anders in die huis.

2.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Margot het haar seuns belowe dat sy gou weer sou kom kuier.
- Die koningin het in stormweer op die berg aangekom.
- Margot het die leiding geneem met die baba se geboorte.
- Margot het Hanna mooi laat lyk op haar verjaardag. (4)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


2.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.12) neer.

"Dit lyk of Margot eindelik gaan wegkom. Dis wonderlik, nè?" (Reël 5)

Hanna se woorde wys daarop dat Margot ...

A baie graag wou teruggaan Amerika toe.
B gedink het dat sy beter as Beyers-hulle was.
C Johannesburg toe kon gaan vir die rol in 'n TV-reeks.
D wou weet of Beyers nog gedink het dat sy wonderlik is. (1)

2.13 "Margot het spiere. En sy is waarskynlik fikser as enigiemand anders in die huis." (Reël 18)

Waarom sal 'n mens kan saamstem dat Hanna se houding teenoor Margot verander het? (1)

2.14 Hanna het Fabienne as haar alter ego geskep.

Noem DRIE redes waarom Hanna vir Fabienne geskep het. (3)

2.15 Waarom kan 'n mens sê dat Beyers Hanna se skryftalent ondersteun het? (1)

2.16 Wat was Hanna se siening oor Gavin met sy aankoms op die berg en hoe het haar siening oor hom later verander? (2)

2.17 Sharon wou nie saam met die helikopter teruggaan nie.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hieruit lei ons af dat die tyd op die berg vir Sharon 'n (aangename/ onaangename) ervaring was. (1)

2.18 Hanna sê dat Fabienne 'n "bedorwe brokkie" is. (Reël 14)

Wat bedoel Hanna met hierdie woorde? (1)

2.19 Hanna het besluit dat die titel vir haar roman *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom: 'n Ware verhaal* sou wees.

Hoekom is dit ironies? (2)

2.20 Hanna het gesukkel om haar plek in haar familie te vind.

Wat, dink jy, was die skrywer se doel met die fokus op Hanna se identiteitskrisis? (1)
**[35]**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS E

...Eers wanneer hy Skalla se glas vir hom aangee en weer gaan sit, besef hy dat daar 'n straal sweet oor sy rug loop.

"Ek was die middag van die verkiesing daar bo by die huis," sê Skalla. Sy stem is sag, onheilspellend. Hy skommel sy glas in die rondte. "Sheila was in die studeerkamer ... die deur het effens oopgestaan. Sy't my nie gesien nie. Daar was iemand by haar."

"Wie?"

Skalla vat sy glas en loop na die venster. Hy skuif die gordyn effens weg en kyk uit oor die donker kaai. Hy draai eers ná 'n lang stilte om: "Ek het geld nodig, Fred. En ons praat hier van big bucks, Boetie. Want ek kan jou naam so gat maak in hierdie dorp dat jy hier sal uitkruip met net die klere aan jou lyf."

"Waarvan praat jy?"

"O, jy weet. Jy weet baie goed. Haar naam is Veronica."

Vir 'n oomblik ervaar Fred die verskriklike begeerte om op te spring, sy hande om Skalla se keel te sit en hom te wurg en te wurg totdat elke greintjie lewe uit sy lyf uit is. Hy trek die laaitjie langs sy lessenaar oop en haal sy tjekboek uit.

"A! Ek sien Boetie is benoud. Dan kan ons oor 'n prys praat. Maar ... geld is nie genoeg nie, Boetie."

www.mycourses.co.za

3.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer.

(3.1.1) ... se twee seuns, Skalla en Fred, het 'n slegte verhouding gehad. Die selfmoord van Fred se vrou het die dorpie, (3.1.2) ..., geskok. Skalla wou Sheila se selfmoord gebruik om Fred (3.1.3) ... Behalwe geld, wou Skalla ook die (3.1.4) ... by Fred hê. (4)

3.2 Lees reël 1 en 2.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit die feit dat Fred erg sweet, kan ons aflei dat hy (warm kry/bevrees is). (1)

3.3 "Want ek kan jou naam so gat maak in hierdie dorp ..." (Reël 9)

Wat bedoel Skalla met hierdie woorde? (1)

3.4 Verduidelik watter inligting Skalla oor Fred en Veronica gehad het. Noem TWEE dinge. (2)

3.5 Skalla se lewe was nie soos sy pa dit sou wou gehad het nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


3.6 Fred het ook baie hartseer in ander mense se lewens veroorsaak.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.6.1 tot 3.6.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.6.1 Sheila | A ... het gevoel dat Fred nie respek vir die familienaam gehad het nie. |
| 3.6.2 Elsabet | B ... se lewe het om Janka gedraai. |
| 3.6.3 Hermanus | C ... het nie 'n goeie rolmodel gehad nie. |
| 3.6.4 Bernard | D ... se lewe in 'n rolstoel het Fred weggedryf. |
| | E ... het om die verkeerde redes Meeuland toe gegaan. |

(4 x 1) (4)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.7) neer.

"... sy hande om Skalla se keel te sit en hom te wurg en te wurg ..." (Reël 13 en 14)

Die herhaling van "wurg" hierbo is om te beklemtoon dat Fred ...

A wou hê Skalla moes skrik.
B 'n aggressiewe karakter is.
C besef het dat Skalla hom uitgevang het.
D nie sou toelaat dat Skalla sy lewe deurmekaarkrap nie. (1)

www.mycourses.co.za

3.8 Waarom kan 'n mens verstaan dat Fred enigiets sou doen om te keer dat Skalla met ander mense oor Veronica praat? (1)

3.9 Waarom kan 'n mens respek hê vir Sheila omdat sy nooit met Fred oor Veronica gepraat het nie? (1)

3.10 Fred het gedink dat niemand van Veronica sou uitvind nie, maar Sheila en Skalla het wel uitgevind.

Watter les leer jy hieruit? (1)

3.11 Die fokus in hierdie uittreksel is op Veronica se baba.

Wat, dink jy, was die skrywer se doel met hierdie fokus? (1)

**EN**


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

... Daar het net een plek oorgebly om heen te gaan: Meeuland ... Meeuland.

Sesuur kom Ousanna orent in haar stoel waar sy ingedut het. "Doreen!" roep sy dringend, "Doreen ... Reggie!" Maar hulle hoor haar nie. "Luister tog!" roep sy. "Die vlae wapper ... dit skeur in die wind en ... die kruik breek ..."

Die wind het die see opgekarring en slaan in hoë hale oor Meeuland se groot rotse. Onder by die naalde spoeg die wit skuim woedend hemelwaarts. Ryna staan in Jannerik se blyplek met Kinnie se trommeltjie tussen hulle op die tafel. Hy neem die borslappie en druk dit teen sy verweerde gesig, terwyl baie herinneringe uit sy oë drup. Sy neem die Bybel en blaai ingedagte daardeur. Hier en daar 'n onderstreepte teks, 'n inskrywing. Die los velletjie papier lê by Psalm 23. Sy neem dit en draai weg van Jannerik af terwyl die skewe skriffie die waarheid bokant die wind op die sinkdak uitroep, sodat sy verlam bly staan. Die verskriklike woorde swem in haar oë.

"Ek wou nie hierdie verdriet oor Pa bring nie. Daarom het ek nie gesê nie. Maar ek weet Pa sal uitvind. Ek weet nie hoe Pa my sal vergewe nie. Wat ek gedoen het, was verkeerd voor die Here en voor Pa en oorle' Ma. Niemand weet nie. Ant Ousanna ook nie. Maar die kind se pa is ..."

www.mycourses.co.za

3.12 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die geheim rondom Janka het uitgekom.
- Elsabet het van Salamanderbaai af gevlug.
- Jacob het in die tronk beland.
- Skalla het vir Janka geskiet. (4)

3.13 Elsabet het haar lewe as Fred se vrou anders voorgestel.

Watter DRIE dinge in haar huwelik met Fred het vir Elsabet baie ongelukkig gemaak? (3)

3.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.14) neer.

"... Daar het net een plek oorgebly om heen te gaan: Meeuland ... Meeuland." (Reël 1)

Dit sê vir ons dat ...

A Elsabet nie haar eie huis gehad het nie.
B Meeuland Elsabet se beskerming teen die wêreld was.
C Jacob en Ryna haar genooi het om op Meeuland te kom kuier.
D Jannerik vir haar die boom wou wys wat hy vir haar geplant het. (1)

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


3.15 "... die kruik breek ..." (Reël 4)

3.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde van Ousanna het 'n (letterlike/figuurlike) betekenis. (1)

3.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.15.1. (1)

3.16 "Maar die kind se pa is ..." (Reël 16)

Hoe het Ryna en Jannerik verskil oor wat om met die geheim van Veronica se baba te doen? (2)

3.17 Jannerik en Hermanus het albei oor hulle kinders gehuil. Watter ooreenkomste was daar tussen die twee pa's? Noem TWEE. (2)

3.18 Waarom kan 'n mens respek hê vir Ryna nadat hulle Meeuland moes verlaat? (1)

3.19 Waarom, dink jy, kan ons aan die einde van die roman met Fred empatie hê? (1)

3.20 Waarom kan 'n mens Ryna as 'n geslaagde hoofkarakter in hierdie roman sien? (1)

**[35]**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

"Juffrou Jooste, sal jy my die eer aandoen om my na die sirkus van die jaar te vergesel? Ek belowe om spesiaal 'n uniform by die *army* te leen en 'n helikopter vir die okkasie te huur. Jou ma mag saamkom as sy 'n bietjie *liquid inspiration* sal saambring."

Lien lag so hard dat sy stik. Van die ander mense op die stoep hou op met eet en kyk vir hulle. Wouter klap haar 'n paar keer op die rug totdat sy weer asem kry, en gaan sit laggend op sy plek.

"Ek *dare* jou. Kom ons gaan en ons trek só aan dat ons 'n *statement* maak wat die ou spul in hulle *punch* sal laat verstik. Jeans en T-shirts kan werk, so alles in swart, dalk met 'n neusring of iets anders wat op 'n prominente plek blink. Dan vra ons vir Dirkie en Donovan om iets *zooty* met ons koppe aan te vang. As jy daar werk, sal ons seker 'n *special* kan kry."

"Ou Uil sal dink ons is met die okkulte deurmekaar," lag Lien.

"Laat hulle wonder, laat hulle wonder. Dis mos ons motto, nie waar nie?"

Hy is skielik ernstig. "Kom ons gaan!" sê hy opgewonde.

"Jy's seker gek," lag Lien.

Sy voel skielik goed, so goed soos sy net by Wouter kan voel. Haar pel is nog hare.

Riekie en Sanet, *eat your hearts out*.

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer.

Lien en haar broer, (4.1.1) ..., het hulle in moeilike huislike omstandighede bevind. Hulle pa was in die (4.1.2) ... en hulle ma het baie probleme gehad. Dit het Lien gedwing om (4.1.3) ... te verdien om die pot aan die kook te hou. Sy het verskillende werkies gedoen tot sy uiteindelik op straat beland het om te (4.1.4) ... (4)

4.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In reël 1 verwys Wouter na die matriekafskeid as "die sirkus van die jaar", want (hy het gedink dit sou baie pret wees/dit was nie iets wat hy regtig wou bywoon nie). (1)

4.3 Verduidelik waarom Lien en Wouter goeie vriende geword het. Gee TWEE redes. (2)


Source: www.mycourses.co.za

4.4 Wouter het na Lien se werk by Dirkie en Donovan verwys (reël 9 en 10), maar Lien het by verskillende plekke gewerk waar sy elke keer iets anders geleer het.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.4.1 tot 4.4.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.4.1 Lien het by tant Malie se koffiewinkel gewerk. | A Lien het besef dat 'n mens ander mense eers moes leer ken voordat jy hulle oordeel. |
| 4.4.2 Donovan het vir Lien by Millenium Creations werk gegee. | B Lien kon meer leer van 'n normale gesinslewe. |
| 4.4.3 Lien het saam met Tibbey en Rose gewerk. | C Lien het geleer dat daar gevolge is as 'n mens die reëls oortree. |
| 4.4.4 Kuifie het vir Lien werk aangebied. | D Lien het geleer wat om te doen as jy 'n borg wil vra. |
| | E Lien het ervaring in verskillende tipes take gekry. |

(4 x 1) (4)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.5) neer.

"Laat hulle wonder, laat hulle wonder." (Reël 13)

Die onderwysers en ander kinders het oor Lien gewonder, want sy het ...

A nie haar skoolwerk gedoen soos sy moes nie.
B vroeg in die oggend biblioteek toe gegaan.
C nie goed in die nuwe skool presteer nie.
D haar eenkant gehou. (1)

www.mycourses.co.za

4.6 "Riekie en Sanet, *eat your hearts out*." (Reël 17)

Wat bedoel Lien met hierdie woorde? (1)

4.7 Lien en Wouter is goeie vriende, maar aan die einde van die roman is sy nie saam met hom partytjie toe nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

4.8 Waarom kan 'n mens verstaan dat Lien gelag het toe Wouter van "*liquid inspiration*" gepraat het? (Reël 3) (1)

4.9 Waarom kan 'n mens begrip hê vir die feit dat Lien nie matriekafskeid toe wou gaan nie? (1)

4.10 Watter les oor die lewe kan jy by Wouter leer? (1)

**EN**

Get more papers from: www.mycourses.co.za


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Riekie rol haar oë. "Ek gaan paap as sy dit wéér sê," sê sy terwyl sy lipstiffie aan haar lippe smeer.

Lien voel, anders as wat sy verwag het, nie regtig op haar senuwees nie, net vreemd rustig, so asof sy is waar sy moet wees en niks of niemand die vloei van dié rivier kan stuit nie. Sy stap tot op die verhoog waar van die dekorbouers nog vir oulaas van die rekwisiete rondskuif. Sy staan stil en trek die hemelse verhoogreuk diep in haar longe in, die reuk van die ligte, vars verf en die vreemde stowwerigheid.

Sy loer deur die skrefies van die wynrooi gordyne.

Hein het vir Tibbey tot langs Roos en haar *peroxide*-dogter gestoot. Hulle sit in die tweede ry van voor af. Sy blou kar staan die hele paadjie vol en die eregaste moet by hom verbyskuur om by hulle plekke te kom.

Ou Uil en die Inspekteur van Onderwys en tannie Inspekteur skuif by Tibbey verby. Daar is nog 'n string gaste, hoofde van die opposisieskole in die omgewing wat kom kyk het hoe dit nou eintlik gedoen word en dié se vrouens. Kuifie met 'n Madiba-hemp en Valetjie wat heelwat beter lyk as wat Lien onthou, is deel van die groepie.

Ou Uil klop Tibbey goedig op die skouer. "Welkom, welkom," sê hy.

www.mycourses.co.za

4.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lien het haar ma in die kliniek besoek.
- Lien en Miemie het die rekwisietekamer reggepak.
- Lien het vir een van die rolle in die toneelstuk gelees.
- Lien het haar bedelaarsvriende na die konsert toe genooi. (4)

4.12 Lien verwys na die oomblik op die verhoog as "die vloei van dié rivier" wat nie gekeer kan word nie. (Reël 4 en 5)

4.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde van Lien het 'n (letterlike/figuurlike) betekenis. (1)

4.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.12.1. (1)

4.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.13) neer.

"Sy staan stil en trek die **hemelse** verhoogreuk diep in haar longe in, die reuk van die ligte, **vars** verf en die **vreemde** stowwerigheid." (Reël 6 en 7)

Die manier waarop die skrywer die verhoogruimte vir die leser beskryf, ...

A skep spanning by die leser.
B maak die leser deel van die ruimte.
C stel die rekwisiete aan die leser bekend.
D dien as toneelaanwysings vir die karakters. (1)

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


4.14 Lien se ma was ook by die konsert.

Noem DRIE dinge wat Lien se ma in die verlede gedoen het wat Lien ongelukkig gemaak het. (3)

4.15 Lien se skoolvriende én haar bedelaarsvriende was by die konsert. Watter verskil is daar tussen Lien se verhouding met haar skoolvriende en haar bedelaarsvriende? (2)

4.16 Kuifie was Lien-hulle se predikant. Waarom kan ons sê dat hy hierdie werk van hom goed gedoen het? Gee TWEE redes. (2)

4.17 Die aand van die konsert was op verskillende maniere goed vir Lien. Verwys in jou antwoord na hoekom dit vir Lien se ma EN vir Lien se toekoms goed was. (2)

4.18 Lees reëls 12 tot 16.

Watter boodskap oor die saamkom van mense uit verskillende agtergronde word in hierdie gedeelte oorgedra? (1)

4.19 Die skrywer gebruik soms Engelse woorde in die roman.

Wat, dink jy, was die skrywer se doel met die gebruik van al die Engelse woorde? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

MAMA. Bhuti Plank het geskrik toe hy sien hoe die manne in die van gelaai word, en voor hulle by my huis gekom het, het hy gaan wegkruip in die hoenderhok. Hy het op die grond gelê en sinkplate en sakke oor hom getrek, maar die poeliesse het sy voete sien uitsteek en hom daar gekry.

*Polisie reageer as hulle hom kry. Hulle pak hom beet, gooi hom dan weer neer.*

STONE. Hy het nie baklei nie, net met sy dooie gewig hom teengesit. Hoendervere het in sy hare bly steek en hy het geproes om die dons wat uit die hoenders loskom, uit sy neus en sy mond te kry. Hy het gespoeg en gevloek.
MOSIE *(vorentoe)*. Dit was vir die kinders lekker om te sien hoe hardloop die grootmense vir die poeliesse weg. Jakkie het so gelag vir bhuti Plank toe die soldate hom uit die hoenderhok uithaal waar hy wegkruip.

*Jakkie en kinders begin te lag; boots bhuti Plank na.*

POPPIE *(swaai haar om na die laggende kinders; aan Jakkie)*. Hou op met lag! Ek slaat jou dat jy vrek! *(Draai terug na gehoor.)* Dit was anders as die lag toe ons jonk was vir oompie Pengi wat dronk is. Dit was nie die kinders se strike nie, dit was die grootmense se strike. En die kinders het vir hulle gelag.

5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer.

Poppie se ma en broers het (5.1.1) ... toe getrek, maar Poppie het in Lambertsbaai agtergebly om na (5.1.2) ... om te sien. Die (5.1.3) ... wou hê al die Xhosa-mense moes uit Lambertsbaai weggaan. Nadat Poppie by haar familie aangesluit het, was dit moeilik vir haar om werk te kry as gevolg van die (5.1.4) ... (4)

5.2 Verduidelik hoekom bhuti Plank geskrik het toe hy gesien het hoe die ander manne deur die polisie gevang is. Gee TWEE redes. (2)

5.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.3) neer.

Stone is anders as die ander mans deur die polisie behandel omdat ...

A hy 'n pas gehad het.
B hy vriende met die polisie was.
C die polisie hom jammer gekry het.
D die polisie hom nie as 'n migrant beskou het nie. (1)

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


5.4 "***boots** bhuti Plank **na**.*" (Reël 12)

Wat word met hierdie woorde bedoel? (1)

5.5 Die strikes het mense se lewens sleg beïnvloed.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.5.1 tot 5.5.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.5.1 | Poppie | A | ... het besef dat die jongmense die grootmense vir die probleme blameer. |
| 5.5.2 | Jakkie | B | ... het besigheid verloor. |
| 5.5.3 | Mosie | C | ... het met ander mense oor werk baklei. |
| 5.5.4 | Die migrants | D | ... het 'n geliefde verloor. |
| | | E | ... het ook ander verkeerde dinge begin doen. |

(4 x 1) (4)

www.mycourses.co.za

5.6 Stone het vir sy gesin gesorg.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

5.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Ek slaat jou dat jy vrek!" (Reël 14)

Hieruit lei ons af dat Poppie oor Jakkie se optrede (ontevrede/verbaas) was. (1)

5.8 "POPPIE *(swaai haar om na die laggende kinders; aan Jakkie)*." (Reël 13)

Waarom is hierdie toneelaanwysings effektief? (1)

5.9 Waarom kan 'n mens sê dat dit verkeerd van Jakkie was om vir bhuti Plank te lag? (1)

5.10 Lees weer die uittreksel.

Waarom kan jy met Poppie se gesin simpatiseer oor die situasie waarin hulle hulself bevind? (1)

5.11 Poppie het 'n moeilike lewe gehad.

Watter lewensles kan jy by Poppie leer? (1)

**EN**


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

*Ligte uit. Jakkie agter op – soos 'n haas vasgevang in kollig wat hom volg. Hy hardloop in huis, gooi tafeldoek oor hom (soos Constance vroeër). Polisieman hardloop in. Jakkie skiet hom. Die polisieman gryp na sy maag en val. In die gedrang om hom ontvlug Jakkie.*

MOSIE. Die poeliesman het gesond geword en dit het verligting in onse harte gebring, maar Jakkie was nog op soek. En ons het geweet die poeliesse sou nie ophou soek nie. Die poeliesse is kwaad as een van hulle mense geskiet is, hulle sal hom kry.
MAMA *(huilend)*. Ons sal Jakkie nie weer sien nie, of ons sien hom lê in sy kis. Die poeliesse sal hom doodslaan as hulle hom kry, of hulle sal hom neerskiet, want hy't 'n rewolwer, hy's mos dangerous. Jakkie, my boesmanklonkie. Wat gaan van jou word?

*Polisieman neem Mama weg.*

MOSIE. Die nylon het gekom en vir Mama en Baby opgelaai. Hulle is weggeneem selle toe. Hulle is vrae gevra waarvan hulle die antwoorde nie geweet het nie. Oor Jakkie. Toe kom die C.I.D. vir Poppie ondervra by Mrs Swanepoel se huis.
POLISIEMAN. Waar is jou broer ... die een vir wie hulle sê Jakkie?
POPPIE. Ek weet nie.
POLISIEMAN. Ons wil jou kinders se adres in Herschel weet.
POPPIE *(baie ontsteld)*. Vir wat wil julle die adresse weet?
POLISIEMAN. Jou ma en suster sit in die tronk ...

www.mycourses.co.za

5.12 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Jakkie het 'n polisieman geskiet.
- Poppie het werk by Mrs Swanepoel gekry.
- Stone het gesterf terwyl Poppie in Mdantsane was.
- Poppie het haar dogters Herschel toe gestuur. (4)

5.13 Noem DRIE redes waarom Poppie haar dogters Herschel toe gestuur het. (3)

5.14 "Wat gaan van jou word?" (Reël 10)

5.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie woorde van Mama kan ons aflei dat sy (direk met Jakkie praat/met haarself praat). (1)

5.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.14.1. (1)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


5.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.15) neer.

"Hulle is weggeneem selle toe." (Reëls 12 tot 13)

Hulle is selle toe gevat omdat ...

A hulle by die opstande betrokke was.
B die polisie hulle wou forseer om te praat.
C hulle Poppie nie wou terugstuur Ciskei toe nie.
D die polisie hulle teen die migrants wou beskerm. (1)

5.16 Waarom is dit ironies dat Poppie gedink het dat haar kinders in Herschel nie deur die opstande in die Kaap geraak sou word nie? (2)

5.17 Jakkie én Mosie was ongelukkig met hoe die mense hanteer is, maar het nie op dieselfde manier reageer nie.

Hoe verskil Jakkie en Mosie se reaksies? In jou antwoord moet jy na Jakkie EN Mosie verwys. (2)

5.18 "POLISIEMAN. Jou ma en suster sit in die tronk ..." (Reël 19)

Waarom het die polisieman gedink dis nodig om Mama en Baby se situasie hier te noem? (1)

5.19 Waarom kan 'n mens sê die karakters se taalgebruik maak die verhaal meer geloofwaardig? (1)

5.20 Poppie se verhaal speel in 'n moeilike politieke era in Suid-Afrika af.

Wat, dink jy, was die skrywer se doel om dié probleem as fokuspunt in die drama te gebruik? (1)
**[35]**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

114. Die nar kom deur die veld aangestap. Hy dra Willem se fiets oor sy skouer, en in sy los hand die fietsketting. Die ketting het gebreek. Hy het nog dieselfde mondering aan as die oggend in die kerk, maar sy grimering is al erg verniel. Die nar gaan staan skielik. Want iewers was die klapgeluid van 'n geweerskoot.

115. Die ouderling staan op die hoek van die skuur met sy geweer nog aan sy skouer. Dis hy wat geskiet het. 'n Paar henne kekkel verskrik. Sakkie du Toit kom om die hoek.

SAKKIE: Wat is dit?
OUDERLING BOTHMA: Ek dag ek sien iets beweeg.
SAKKIE: Jy moenie sommer skiet nie, man. Nou't jy die hele wêreld wakker.

116. Nollie en Emma hang by die sitkamervenster uit.

NOLLIE: Hier's moeilikheid. *(Hy klouter deur die venster buite toe.)*
EMMA: Nollie, wag!
NOLLIE: Jou pa is daar ...

117. Die nar staan en kyk na die McDonald-werf. Hy is omtrent driehonderd meter van die huis af, half agter bome. Hy sien Nollie oor die werf hardloop in die rigting van die skuur, en Katrien wat by die wasgoeddraad staan en roep na Willem. Dan begin sy hardloop.

118. Katrien hardloop reguit na 'n klompie van die jagters toe wat op haar afgestap kom.

KATRIEN: Asseblief! Dis my kind! Wag net bietjie, asseblief. Dis my kind!

Hulle stap weerskante van haar verby asof sy nie bestaan nie.

www.mycourses.co.za

6.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer.

Hierdie drama begin toe die sirkustrein op 'n klein stasie in die (6.1.1) ... aangekom het. Die geluid van 'n (6.1.2) ... het almal van die vreemde trein op die stasie bewus gemaak. Een van die sirkusmense het probeer om aan (6.1.3) ... te vat. Die nar wat agtergebly het, het uiteindelik die McDonald-gesin gehelp om weer oor belangrike dinge met mekaar te (6.1.4) ... (4)

6.2 Manuel het met Willem vriende gemaak.

Noem DRIE dinge wat Manuel gedoen het om Willem weer te laat praat en lag. (3)

6.3 Hendrik het geweet wie die hanswors is na wie die mans kom soek het.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


6.4 Manuel het die McDonalds reg "getoor".

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.4.1 tot 6.4.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.4.1 | Willem | A | ... het besef dat konfrontasie nie die antwoord vir probleme is nie. |
| 6.4.2 | Katrien | B | ... se vertroue in liefde en verhoudings is herstel. |
| 6.4.3 | Hendrik | C | ... het met mandjies vol vrugte by die huis aangekom. |
| 6.4.4 | Emma | D | ... was nie meer te bang om te praat nie. |
| | | E | ... het ophou droom om uit omstandighede te ontvlug. |

(4 x 1) (4)

www.mycourses.co.za

6.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die mans het gevoel hulle tree reg op deur die nar te jag, want hulle het (die gemeenskap beskerm/gedink die dominee keur dit goed). (1)

6.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.6) neer.

Emma is deur die mans verneder toe hulle vir haar gevra het of ...

A sy gedink het dat haar klavierspel hulle aandag moes aftrek.
B sy ook gedink het dat die nar glad nie bestaan nie.
C die nar moontlik in een van die kaste weggekruip het.
D sy ook stom was. (1)

6.7 Hoe het Hendrik die leser verras nadat Willem verduidelik het wie die nar is? (1)

6.8 Waarom kan 'n mens verstaan dat party van die dorpsmense nie daarvan gehou het dat die nar met sy narrepak en geverfde gesig kerk toe gegaan het nie? (1)

6.9 Die dorpsmense se gesindheid teenoor die McDonalds het aan die einde van die drama verander.

Watter les kan jy hieruit leer? (1)

6.10 Dink aan Katrien se situasie.

Waarom kan jy vir haar jammer voel? (1)

**EN**


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

138. 'n Passasierstrein staan op die dorpstasie en stoom. Hendrik staan op die perron en gee Manuel se goed vir hom deur die treinvenster aan. Willem, Katrien, Emma en Nollie is ook by. Hendrik gee die konsertina aan.

MANUEL *(wys nee)*: Dis Willem s'n. Hy moet leer om dit te speel. *(Tot Willem.)* Onthou, nè, jy't belowe. Oefen daardie paar drukke wat ek jou gewys het. *(Tot Hendrik.)* Hy gaan die ding leer speel, en hy gaan aanhou glimlag.

Die trein begin trek.

HENDRIK: Gou, hier's nog. *(Hy gee iets aan en Manuel gryp.)* Al jou toorgoed.

Hulle lag.
Die trein ry.
Almal staan en waai.
Willem hardloop al langs Manuel se venster en waai.

139. Katrien en Emma is besig om aan te trek. Katrien het 'n mooi rok aan wat sy voor die spieël staan en bekyk. Die rok se kleur pas presies by die blou oorkrabbers.

KATRIEN: Jong, lyk ek nie bietjie soos 'n tert nie?
EMMA: Ma kan nie soos 'n tert lyk nie, al smeer ons Ma vol jam.
KATRIEN: Maar dis bietjie oop hierso. *(Sy wys vaagweg bo langs.)*
EMMA: Ag, Ma!

Daar is 'n klop aan die deur.

HENDRIK: Kan ek inkom?

Maar hy kom in sonder toestemming – en steek vas. Hy het 'n das en baadjie en wit langbroek aan.

HENDRIK: Demmit, maar jy's mooi!
KATRIEN *(uit die veld geslaan)*: Dankie!
HENDRIK: With what shall I compare thee, ...

www.mycourses.co.za

6.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die dorpsmense het saam met die McDonalds partytjie gehou.
- Die McDonalds het Manuel versorg nadat hy geskiet is.
- Willem het op die windpomp gesit en konsertina gespeel.
- Emma het haar pa oor hulle swak kommunikasie gekonfronteer. (4)

6.12 "Hy gaan die ding leer speel, en **hy gaan aanhou glimlag**." (Reël 6)

Wat bedoel Manuel met hierdie woorde? (1)


Source: www.mycourses.co.za

6.13 "Al jou toorgoed." (Reël 8) en "Hulle lag." (Reël 9)

Verduidelik waarom Manuel en Hendrik hier saam gelag het. Gee TWEE redes. (2)

6.14 Hoe het Emma se opinie oor 'n verhouding met Nollie aan die begin van hierdie drama verskil van die einde? (2)

6.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.15) neer.

Met die woorde "Jong, lyk ek nie bietjie soos 'n tert nie?" (reël 15) bedoel Katrien dat sy ...

A graag nog mooier wou lyk.
B dalk die verkeerde kleur rok gekies het.
C gedink het ander mense sou dink sy lyk goedkoop.
D gedink het dat haar rok nie by Hendrik se pak pas nie. (1)

6.16 Waarom kan 'n mens sê dat Jan Mol 'n negatiewe rol in die McDonalds se lewens gespeel het? (1)

6.17 Die passasierstrein het vir Manuel weggevat. Hoe verskil Hendrik se gevoel op hierdie dag van sy gevoel die dag toe Manuel op sy stasie aangekom het?

Jy moet in jou antwoord na al TWEE dae verwys. (2)

6.18 "... – en steek vas." (Reël 21)

6.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit Hendrik se reaksie lei ons af dat hy (aangenaam verras/ baie ontsteld) was toe hy Katrien sien. (1)

6.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.18.1. (1)

6.19 Waarom kan 'n mens sê dat Katrien en Emma in dié uittreksel 'n beter verhouding met mekaar het? (1)

6.20 Deur die hele drama sien ons dat die McDonalds gesukkel het om met mekaar te kommunikeer.

Wat, dink jy, was die skrywer se doel om dié probleem as fokuspunt in die drama te gebruik? (1)
**[35]**

www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

ELIAS: ... Ek is 'n vernielde man, ek was op niks na nie onder die grootvoete vertrap. Kyk hoe lyk ek.

BOSWAGTER: Ek kom nie moeilikheid wegbring nie, ek bring net vir jou 'n boodskap van die magistraat op Knysna af.

ELIAS: Magistraat?

BOSWAGTER: Ja. Daar bestaan 'n groot moontlikheid dat jou seun wat die slag weggeraak het, gevind is. Lewend gevind is.

ELIAS *(probeer opstaan)*: Wat sê meneer daar?

BOSWAGTER: Hulle het hom agter die berg in die Lange Kloof gekry.

ELIAS: Meneer, jy praat 'n ding wat my kop nie wil vat nie, ek sit bedol.

BOSWAGTER: Jy beter maar eers bedaard bly, Van Rooyen. Baie dinge dui daarop dat dit jou kind kan wees, maar die saak is nog nie uitgemaak nie. Dis hoekom die magistraat jou en jou vrou Vrydag op die dorp in die hof wil sien.

ELIAS: Jy sê hulle het die kind in die Lange Kloof gekry?

BOSWAGTER: Ja. By bruin mense. Hy is glo al nege jaar lank daar.

ELIAS: Jy sê hulle het onse Lukas gekry?

BOSWAGTER: Die moontlikheid lyk groot.

ELIAS: Dit kan nie wees nie. Waar's hy nou, meneer?

BOSWAGTER: Nog daar agter in die Kloof. Hulle laat hom môre haal.

*Musiek op. Ligte uit en doof in. Toneel: voor* FIELA *se huis. Kinders besig op verhoog.* FIELA *kom uit die huis.*

7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Die Goewerment het die twee sensusmanne gestuur om die mense te gaan (7.1.1) ... Fiela en (7.1.2) ... het vir die twee sensusmanne die inligting oor die Komoeties gegee. Die Komoeties het al jare lank op die plaas, (7.1.3) ..., gewoon. Hulle het geld verdien deur met groente, skape, mielies, koring, 'n melkbok en (7.1.4) ... te boer. (4)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


7.2 Die sensusmanne het die wit kind by die bruin mense gesien en vrae oor die kind gevra.

Noem DRIE redes wat Fiela vir die sensusmanne gegee het waarom Benjamin nie die Van Rooyens se verlore seun kon wees nie. (3)

7.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.3) neer.

Elias het gedink dat die Boswagter met hom kom praat het omdat ...

A hy sy jong kinders gedwing het om hard te werk.
B hy grootvoete gejag het sonder dat hy 'n lisensie gehad het.
C iemand gaan kla het dat hy sy vrou en kinders sleg behandel het.
D die Boswagter sy handbyl, kortsaag en osrieme in die Bos gekry het. (1)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Barta is die Vrydag hof toe. Daar het Lange haar (gesoebat/gemanipuleer) om die kind met die blou hempie as Lukas te identifiseer. (1)

7.5 Benjamin het oor en oor vir die magistraat gevra of hy huis toe kon gaan.

Hoe sluit hierdie situasie by die titel van die drama aan? (1)

7.6 Barta se besluit om Lukas as haar seun te herken, het baie mense se lewens verander.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.6.1 tot 7.6.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.6.1 | Fiela | A | ... het met skuldgevoelens saamgeleef. |
| 7.6.2 | Selling | B | ... kon meer hout aan die houtkopers verkoop. |
| 7.6.3 | Barta | C | ... kon die mooi dinge in die Bos met iemand anders deel. |
| 7.6.4 | Nina | D | ... se gesondheid het verder verswak. |
| | | E | ... moes aanvaar wat ander oor hulle lewens besluit het. |

(4 x 1) (4)

7.7 Benjamin wou nie aanvaar dat hy as Lukas vir altyd in die Bos moes bly nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.8 Motiveer waarom 'n mens kan sê dat dit tot Elias se voordeel was om Lukas by hulle te hê. (1)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


7.9 Waarom kan 'n mens sê dat dit goed was vir Nina se toekoms dat Lukas wel Bos toe gekom het? (1)

7.10 Waarom kan jy verstaan hoekom Barta besluit het om Benjamin teen Elias te beskerm? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

FIELA: Ek sê jou maar net wat jy te wagte kan wees. Ek en jy weet wie daardie bruinvrou is en ek sal sorg dat jy jou nie hoef te skaam nie. Ons moet vir jou laat huis bou en jy moet langsaan toe trek.

BENJAMIN: Dit sou so maklik gewees het as ek vir Ma kon sê: Dankie, dan maak ons so en ek koop die grond by Ma, maar ek kan nie.

FIELA: Ek het jou gesê dit moenie vandag foeter nie.

BENJAMIN: Wag nou, Ma. Ma het gesê ons gaan hierdie ding vandag klaar lospraat. Daar is iets wat Ma nie weet nie.

FIELA: Wat?

BENJAMIN: Ek het verlief geraak op my suster. Op Nina.

FIELA *('n koue gaan deur haar)*: Jou suster?

BENJAMIN: Ja, Ma.

FIELA: Hoe het dit dan gebeur, Benjamin?

BENJAMIN: Dit het net gebeur, Ma. Ek het dit nie gesoek nie.

FIELA: En sy? Wat van haar?

BENJAMIN: Sy weet dit nie, Ma. Ek is vir haar net 'n broer. *(Pouse.)*

FIELA: As sy jou suster was, Benjamin, sou bloed bloed gekeer het. Die feit dat jy op haar verlief geraak het, is net nog 'n bewys dat ek reg had en hulle verkeerd. Maar my reg kan jou nie vandag van Lukas van Rooyen verlos nie.

7.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Nina het die nuus gebring dat Dawid dood is.
- Mister Benn het vir Lukas werk in die loodsboot gegee.
- Lukas het werk by Kaliel September vir kos en blyplek gekry.
- Miss Weatherbury het weer vir Nina werk gegee nadat sy in die Bos was. (4)

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


7.12 "... ons gaan hierdie ding vandag klaar **lospraat**." (Reël 7)

Wat bedoel Benjamin met hierdie woorde? (1)

7.13 Fiela het vir Benjamin die Laghaanse se grond gekoop.

Verduidelik waarom Fiela dit vir Benjamin gedoen het. Gee TWEE redes. (2)

7.14 In reël 11 lees ons dat daar 'n "koue" deur Fiela gegaan het.

7.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"koue" word hier (letterlik/figuurlik) gebruik. (1)

7.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.14.1. (1)

7.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.15) neer.

"Maar my reg kan jou nie vandag van Lukas van Rooyen verlos nie." (Reël 19)

Hiermee bedoel Fiela dat ...

A sy die hele tyd verkeerd was.
B sy nie Lukas se van kon verander nie.
C Benjamin die antwoord in die Bos moes gaan soek.
D Benjamin die enigste een is wat regtig kon besluit wie hy is. (1)

7.16 Hoe sluit die krisis wat Benjamin in hierdie uittreksel ervaar, by Barta se innerlike konflik oor die waarheid aan? Jy moet in jou antwoord na Benjamin se krisis EN Barta se innerlike konflik verwys. (2)

7.17 Waarom is dit ironies dat Elias so geskok was toe hy uitvind dat Barta in die hof gelieg het? (2)

7.18 Lees weer die uittreksel.

Waarom kan ons sê dat Fiela in hierdie situasie vir Benjamin goeie raad gegee het? (1)

7.19 Lees die hele uittreksel.

Watter lewensles kan jy hier by Benjamin leer wat jou lewe beter kan maak? (1)

7.20 Vandat Benjamin by Fiela weggevat is, het hy met sy ware identiteit gesukkel.

Wat, dink jy, is die skrywer se doel met jou, as leser, om dié probleem as fokuspunt in die drama te gebruik? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale uit die bundel wat jy bestudeer het.

### VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 **'OOM DRIES SE SORGE MET JANTJIE' – Felicia Goosen**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

> Die volgende oggend kom oom Dries eerste by die sloot aan en klouter teen die dig beboste wal af terwyl sy oë deurentyd soek of hy nie Jantjie se reste êrens sien nie. Die graaf en sak wat hy saamdra, is in sy pad en bly skuur-skuur teen sy sitvlak teen die steil wal af. Toe hy onder kom, rus hy eers 'n rukkie onder 'n bos. Dis toe dat hy duidelik die gekraak van takke hoor asof iemand haastig van die wal af ondertoe klouter. Hy voel hoe sy hele lyf koud word. Hy kom regop en vat die graaf vas, gereed om wat ook al verskyn, met 'n swaai van die graaf stil te maak. Saggies sluip hy om die bos en bly half verskuil staan, elke spier oorgehaal, die graaf gelig, reg om te slaan.
>
> Êrens maak 'n brandwagbobbejaan alarm en 'n skaduwee val vlak voor sy voete. Hy swaai die graaf met alle mag en skreeu uit volle bors "Hiee-haa!" Vir 'n gedeelte van 'n sekonde herken hy die skraal, geboë gestalte van oom Thys, sien hy hoe sy oë groot, rond geskrik, voor hom wegbuk toe die graaf se plat spitgedeelte hom voluit tussen die blaaie tref.
>
> Sy bruin stewels lig etlike sentimeters van die grond af op, hy trek deur die lug en beland hande-viervoet in die stof.
>
> "My maggies, Thys!" ...

8.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (8.1.1(a) tot 8.1.1(d)) neer.

Hierdie kortverhaal het op oom Dries se plaas, (a) ..., afgespeel. Nadat (b) ... die bobbejaanwyfie doodgeskiet het, het oom Dries die klein bobbejaantjie huis toe gevat. Oom Dries het vir hom (c) ... gegee om te drink en 'n (d) ... uit 'n Ford-binneband gemaak om hom te vermaak. (4)

8.1.2 Jantjie het grootgeword en was toe baie stout.

Noem DRIE stoute dinge wat Jantjie vóór die middag in die boord gedoen het. (3)

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


8.1.3 Jantjie se stoutigheid het baie gevolge gehad.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.1.3(a) tot 8.1.3(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Jantjie het oom Dries se waterpyp stukkend gebyt. | A Jantjie het aggressiewer geword. |
| (b) Oom Dries het probeer om Jantjie tot bedaring te bring. | B Oom Dries kon nie tot rus kom nie. |
| (c) Jantjie het oom Dries aan sy hand gebyt. | C Niemand anders wou oom Dries help nie. |
| (d) Jantjie se karkas is langs die gruisgat gegooi. | D Oom Dries het verstaan waarom oom Thysie Jantjie wou doodskiet. |
| | E Oom Dries het besef dat hy Jantjie se stoutigheid nie langer kon duld nie. |

(4 x 1) (4)

8.1.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Hy voel hoe sy hele lyf koud word." (Reël 6 en 7)

Hieruit lei ons af dat oom Dries (bang/kwaad) was. (1)

8.1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.5) neer.

" 'My maggies, Thys!' ..." (Reël 17)

Dit sê vir ons dat oom Dries ...

A bly was om oom Thysie te sien.
B gedink het dat oom Thysie 'n spook was.
C nie verwag het om oom Thysie daar te sien nie.
D bekommerd was oor oom Thysie wat in die nag alleen rondloop. (1)

8.1.6 Nadat oom Dries Jantjie se karkas onder die boom naby die huis begrawe het, het Jantjie tot rus gekom.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


8.1.7 Mense se inmenging in die natuur veroorsaak dikwels probleme.

(a) Waarom kan 'n mens sê dat oom Dries verkeerd opgetree het deur die klein bobbejaantjie huis toe te neem en groot te maak? (1)

(b) Watter les het jy uit oom Dries se optrede (VRAAG 8.1.7(a)) geleer? (1)

8.1.8 Waarom was oom Thysie se besluit om Jantjie ná die dag in die boord dood te skiet, 'n verantwoordelike besluit? (1)

8.1.9 In hierdie verhaal is dit die skrywer se bedoeling om vir die leser te wys hoe die karakters op die **bonatuurlike** reageer.

Hoe sou jy op Jantjie se spook reageer? (1)

**EN**

8.2 **'DIE BALLADE VAN ROBBIE DE WEE' – Deon Meyer**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

Ek weet nou, ek sal vir Robbie, die gans wat die goue eiers lê, moet keer.

***

Hy maak die hotelkamer se deur oop. "Len," sê hy, tegelyk verbaas en vol blydskap.

Ek staan vir hom en kyk, na die engel-gesig, die deernisvolle oë. Ek kan maar net wonder wat hulle gesien en beleef het. Ek voel in die oomblik weersin én 'n verterende empatie vir hom.

Hy frons. "Wat is verkeerd, Len?"

"Ons moet praat, Robbie."

Ek sien die proses, die begrip wat oor hom daal. 'n Tamheid wat sy gelaat en sy lyf laat ineenkrimp.

"Kom in," sê hy sag.

"Nie hier nie, Robbie. Ons kan nie die kans waag nie."

Ek lei hom na die hysbak, en dan op, na die hotel se dak. Hy kom gedwee saam, sy blik afgewend.

Met 'n asembenemende Kaapstad en die sprankelende see as uitsig, sê hy, "Ek kan dit nie help nie, Len."

"Ek verstaan dit, Robbie."

"Ek huil. Ná elke keer."

"Het sy geweet, Robbie? Toe jou pa jou misbruik het?"

Hy kyk ver, na die horison. Hy knik, klein. Met woorde wat amper wegwaai in die bergwind, sê hy: "Toe sê sy, sy skiet hom vir my." Hy talm. "Ek moes hom begrawe."

"Wat het jy met die vroue gedoen? Op Upington en Nelspruit en Kimberley?"

"Ons het uitgery."

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


8.2.1 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Len het op die internet gelees van verskeie meisies wat verdwyn het.
- Cybelene het Len aan Robbie voorgestel.
- Die ou mans op Amersfoort het Robbie se ware storie vir Len vertel.
- Sasha het in Robbie se hotelkamer gesterf. (4)

8.2.2 Len beskryf Robbie as "die gans wat die goue eiers lê". (Reël 1)

Wat bedoel Len hiermee? (1)

8.2.3 "Ek voel in die oomblik **weersin** én 'n verterende **empatie** vir hom." (Reël 5 en 6)

Verduidelik waarom Len in dieselfde oomblik weersin EN empatie vir Robbie gevoel het. Verwys in jou antwoord na albei emosies. (2)

8.2.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.4) neer.

Na Len en Robbie se gesprek op die dak het Len besluit om ...

A vir Robbie se ma te vertel wat Robbie gedoen het.
B sy kontrak met Robbie te kanselleer.
C Robbie te laat arresteer.
D Robbie te vermoor. (1)

8.2.5 Lees weer reëls 9 tot 24.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die woordkeuse en kort sinne in hierdie reëls wys dat (daar spanning in Robbie opbou/Len ontevrede is met Robbie). (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.5(a). (1)

8.2.6 Aan die einde van die kortverhaal was daar uiterlike konflik tussen Len en Robbie.

Verduidelik hierdie konflik. Verwys in jou antwoord na die laaste gesprek tussen Len en Robbie. (2)

8.2.7 Waarom is dit ironies dat Robbie se laaste CD die topverkoper in die land was? (2)

8.2.8 Waarom kan 'n mens sê dat Len nie uit sy foute geleer het nie? (1)

8.2.9 Motiveer waarom 'n mens kan sê dat dit tot Len se voordeel was om depressie as rede vir Robbie se dood te gee. (1)

8.2.10 Hoekom, dink jy, pas die titel by die inhoud van hierdie kortverhaal? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

### VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **'TIEN HAIKOES VIR DIE VREDEFORTKOEPEL' – Hans du Plessis**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TIEN HAIKOES VIR DIE VREDEFORTKOEPEL – Hans du Plessis**

**Meteoriet**

Deur die donker klief
'n klipvuis en klap lewe
uit die aarde uit.

**Wind**

'n Asem jaag oor
yslike nagte en vee
ons winternis weg.

**Water**

Jy maak so silwer
sonder droë woorde sin
wat my skoon verstom.

**Grond**

Vang reën en son in
die bakhand van jou lyf waar
lewe kliphart klop.

**Boom**

Veerlig dwarrel herfs
van kil takke los en broei
nog 'n lente uit.

**Mens**

Toe staan stof uit stof
en oorheers die aarde op
grond van sy bestaan.

**Wêrelderfenis**

En ons koepel skeur
al langs perforasies van
mens-dom middeldeur.

**Besoedeling**

Nou moet dier en duif
hees van die rook en roet vir
byl en treksaag boet.

**Dankgebed**

Heer, ons paaie lê
uitgeteer oor brûe met
water onderdeur.

**Tien**

Vuis van swael en vuur
gaan duskant ons Groot Ekskuus
weer kom asem haal.

[Uit: *vonk@verse* 2. Best Books, 2011]

www.mycourses.co.za

9.1.1 Op watter plek het die meteoriet waaroor hierdie gedig handel, geval? (1)

9.1.2 'n Haikoe is 'n Japannese digvorm.

Noem EEN kenmerk van hierdie digvorm. (1)

9.1.3 Skryf die personifikasie in haikoe 1 neer. (1)

9.1.4 Watter werkwoord word in haikoe 2 gebruik om te sê dat die wind **waai**? (1)

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


9.1.5 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) uit haikoe 3 en 4 neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (9.1.5(a) tot 9.1.5(d)) neer.

Die water is (a) ... van kleur. Die mens is (b) ... oor die water wat die aarde voed. "Jou lyf" in haikoe 4 verwys na die (c) ... wat die water opvang en (d) ... bring. (4)

9.1.6 Kies die begrip in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (9.1.6(a) tot 9.1.6(c)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "<u>D</u>eur <u>d</u>ie <u>d</u>onker" | A vergelyking |
| (b) "bakhand van jou lyf" | B assonansie |
| (c) "<u>a</u>l l<u>a</u>ngs" | C alliterasie |
| | D metafoor |

(3 x 1) (3)

9.1.7 Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit haikoe 5 aan wat aandui dat die bome se blare afval. (1)

9.1.8 Watter woord in haikoe 6 sê vir ons dat die mens sy posisie op aarde misbruik? (1)

9.1.9 Waarom kan 'n mens sê dat die opskrif van haikoe 7 in hierdie gedig gepas is? (1)

9.1.10 Lees weer reël 24.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"boet " in reël 24 sê vir die leser dat die aarde deur die mens (verwoes/beskerm) word. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.1.10(a). (1)

9.1.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.11) neer.

Die inhoud van haikoe 9 is ..., want al sê die mens dankie, hou die mens aan om te vernietig.

A verskonend
B sarkasties
C smekend
D ironies (1)

9.1.12 Watter les leer jy uit hierdie gedig? (1)

**EN**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


9.2 **'BOEKMERK' – Marlise Joubert**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BOEKMERK – Marlise Joubert**

kinders
met wange soos mossies
wat teen elke oggend stoei
hande altyd woerende vlerke
elke lyfie 'n seilende gesang –
vlak bo die waterspieël
van 'n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljare proe
waar sy ook kon mor
en protesteer:

waarom is alles altyd ver
waarom is alles altyd hier
waarom moet ek leer
van optel aftrek deel
van dooie digters
uit die toentertyd
en watter land sit waar
en waarom draai die son

toe maak sy die dag weer oor –
met elke skoolklok werk sy
namens mossiekind:

kom ons pars die wind
met wange soos soldaatjies

totdat elkeen net die geur
van jasmyn kan boekmerk
teen die onheil van ons
ellelange reis

[Uit: *vonk@verse* 2. Best Books, 2011]

www.mycourses.co.za

9.2.1 Wie is die spreker in hierdie gedig? (1)

9.2.2 Noem die DRIE dinge van kinders wat die spreker in strofe 1 beskryf. (3)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


9.2.3 Lees reël 3.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"stoei" word hier (letterlik/figuurlik) gebruik. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.2.3(a). (1)

9.2.4 In strofe 2 is die spreker verbaas dat hierdie kinders so anders is as toe sy op skool was.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

9.2.5 Noem TWEE tegnieke wat die digter in strofe 3 gebruik om die tipiese aard van kinders uit te beeld. (2)

9.2.6 Lees strofe 4.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"toe" in reël 22 dui 'n (hoogtepunt/wending) in die gedig aan. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.2.6(a). (1)

9.2.7 Hoe verskil die toon in strofe 1 tot 3 van die toon in strofe 4 tot 6? (2)

9.2.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.2.8) neer.

Die funksie van die dubbelpunt in reël 24 is om ...

A dit wat daarna volg, te verduidelik.
B opdragte aan die kinders te gee oor wat hulle moet doen.
C die spreker se direkte woorde aan die kinders aan te dui.
D die betekenis van 'n boekmerk aan die kinders te verduidelik. (1)

9.2.9 Hoekom is die gebruik van die voornaamwoord "ons" in strofe 5 en 6 so gepas? (1)

9.2.10 In die slotstrofe is die spreker se ideaal vir die kinders dat die goeie herinneringe hulle teen die slegte dinge van die lewe sal beskerm.

Waarom, dink jy, is dit nie realisties nie? (1)

9.2.11 Waarom, dink jy, is dit belangrik dat onderwysers en kinders moet saamwerk? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

www.mycourses.co.za

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**
Goedgekeur

Mev. R. Bence (Eksterne Moderator)
**4 DESEMBER 2022**

Goedgekeur
Mev. A. Venter (Interne Moderator)

**4 DESEMBER 2022**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 36 bladsy**

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 7 |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 10 |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 13 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 18 |
| 6. *Paljas* | 35 | 21 |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 24 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8. *Spieëlbeelde* | | |
| 8.1 "Oom Dries se sorge met Jantjie" | 17 | 29 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Die ballade van Robbie de Wee" | 18 | 31 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9. *Verskuns vir Eerste Addisionele Taal* | | |
| 9.1 "Tien haikoes vir die Vredefortkoepel" | 17 | 32 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Boekmerk" | 18 | 34 |


www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien vergelyking, innerlike/uiterlike konflik, ironie, kontras, ooreenkoms, verskil of verandering gevra word, verdien die kandidaat 1 punt indien slegs een kant gestel word en 2 punte indien albei kante gestel word. Indien die kandidaat se antwoord die verskil na beide kante omskryf, m.a.w. die een antwoord sluit beide kante in, word 2 punte toegeken.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie. Indien 'n feitefout die argument beïnvloed of omvergooi, word daar nie verder gelees nie. Indien die feitefout onbenullig is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim of onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met koeëlpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal.

www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | MacDonald | 1 |
| 1.1.2 | (hout)skuur | 1 |
| 1.1.3 | Engels | 1 |
| 1.1.4 | goud | 1 |
| 1.2 | Die Bosmense was bang vir ...<br>• alles onbekend.<br>• dinge wat vreemd is.<br>• nuwe dinge.<br>• dinge wat nie deel van hulle tradisie/lewe/die Bos was nie.<br>• dinge/mense (soos MacDonald) in die dorp.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3 | • Die houtkopers was nooit tevrede met die soort hout wat die houtkappers gebring het nie.<br>• Die houtkopers het te min vir die hout betaal.<br>• Die houtkopers het gelieg oor die kwaliteit van die hout.<br>• Die houtkopers het gesorg dat die houtkappers in die skuld bly/met goodfors betaal en nie met geld nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.4.1 | E/Saul het Oupoot die eerste keer gesien op pad Diepwalle toe. | 1 |
| 1.4.2 | A/Saul se pa het hom met 'n stuk assegaaihout geslaan. | 1 |
| 1.4.3 | B/Saul het besef dat die houtkappers nooit uit die skuld sal kom nie. | 1 |
| 1.4.4 | C/Die houtkappers het Saul 'n spaai genoem. | 1 |
| 1.5 | magteloos | 1 |
| 1.6 | Kate het vir Saul 'n skets van Oupoot gemaak.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.7 | B/verraaier | 1 |
| 1.8 | • Saul het nie 'n lewe buite die bos geken nie.<br>• Saul sou sy familie moes agterlaat.<br>• Saul het die reg gehad om van Joram te verskil/sy eie opinie te hê.<br>• Saul was jonk en nuuskierig/wou net die waarheid weet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.9 | • Saul se pa het hom weggejaag en hy wou wegkom van alles.<br>• Saul wou nie 'n pad loop wat nêrens heen gaan nie/vry wees van die skewe sirkel.<br>• Saul wou nuwe plekke ontdek omdat hy so nuuskierig was en vir homself gedink het.<br>• Saul het gevoel dat hy nêrens hoort/inpas nie.<br>• Saul is in die Bos en dorp gebrandmerk.<br>• Saul wou gaan na 'n plek waar niemand bevooroordeeld teenoor hom was nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | • 'n Mens moenie bevooroordeeld wees nie.<br>• Wanneer jy vriende wil hê, moet jy moeite doen om met hulle te praat.<br>• Moenie mense deur ander se oë beoordeel nie.<br>• Ander se opinies van iets/iemand moenie jou besluite beïnvloed nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | • Kate het gehoop hulle sou 'n pad saam kon loop/vriende kon bly/wou nie sonder hom wees nie.<br>• Kate het gehoop dat die vriendskap iets meer sou word/was nog altyd verlief op Saul.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | Saul het bewys dat ...<br>• alle houtkappers nie wild is nie.<br>• alle houtkappers nie vuil is nie.<br>• alle houtkappers nie dom is nie.<br>• houtkappers nie stukkende klere/flenters hoef te dra nie.<br>• houtkappers ook buite die Bos kan werk/'n bestaan kan maak.<br>• houtkappers ryk kan word.<br>• houtkappers goud kan delf (i.p.v. houtkap).<br>• houtkappers Engels kan leer.<br>• houtkappers kan leer lees.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 1.13.1 | figuurlik | 1 |
| 1.13.2 | • Die verhouding tussen Saul en sy pa is nooit herstel nie.<br>• Saul en sy pa het nooit vrede gemaak nie./Sy pa het gesterf nog voordat hulle kon vrede maak.<br>• Die probleme tussen Saul en sy pa is nooit opgelos nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 1.13.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.13.2 te verdien.)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.14 | C/het geweet hoe om 'n boom neer te lê. | 1 |
| 1.15 | Maska ...<br>• het vir Saul gepleit terwyl almal in die bos hom verwerp het.<br>• het die geheime van die bos aan Saul vertel.<br>• het gereeld vir Joram vertel hoe dit met Saul gaan.<br>• was die skakel tussen Saul en sy vervreemde familie.<br>• het Saul en Oupoot se verhouding aan Saul verklaar.<br>• het vir kos gesorg toe Saul Oupoot agtervolg het.<br>• het al die tyd geweet waar Saul in die Bos was/gebly/gewerk het.<br>• het vir Saul gaan sê dat hulle Oupoot wou skiet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.16 | Jozef ...<br>• het gevoel Saul het hulle verlaat/verraai.<br>• moes bly om sy pa te help, maar Saul het 'n ander keuse gemaak.<br>• het nie Saul se liefde vir Oupoot gedeel/verstaan nie.<br>• het geglo Oupoot het Jorampie se dood veroorsaak.<br>• was nog kwaad/ongelukkig oor die keuses wat Saul gemaak het/impak wat Saul se keuses op hom/sy familie gehad het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17 | Tydens die begrafnis was hy verwyderd van/kwaad vir Jozef/eenkant. ✓<br>In die slot wil Saul vrede maak met Jozef/die verhouding met Jozef herstel/wys hy het begrip vir Jozef gehad. ✓<br>*(Die verskil moet duidelik blyk. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 1.18 | • Saul en Oupoot was alleenlopers.<br>• Saul en Oupoot is beide beskuldig van goed wat hulle nie gedoen het nie.<br>• Saul en Oupoot wou dit wat in die bos was, beskerm.<br>• Saul en Oupoot was beide getrou aan mekaar.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 1.19 | • Kort na Joram se dood het Saul die nuus gekry dat Osborne rifgoud ontdek het.<br>• Saul het weer vir Kate gesien toe sy in Meulbos kom skoolhou het.<br>• Die Goewerment het toestemming gegee dat die delwers kon aanbly.<br>• Saul het miss Keyter se huisie op die dorp gehuur en die bos verlaat.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 4 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.20 | Die skrywer se doel was om ...<br>• spanning te skep.<br>• die leser nuuskierig te maak oor wat volgende gaan gebeur.<br>• die leser se aandag deur die verhaal te behou.<br>• die verhaal interessant te maak.<br>• die skakel tussen die gebeure van die verlede en die oorsake in die hede duidelik te maak.<br>• die tydspronge by die kringmotief in die roman te laat aansluit.<br>• Saul se innerlike konflik en denke te illustreer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

www.mycourses.co.za

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | Botter | 1 |
| 2.1.2 | vyftiende/15 (jaar) | 1 |
| 2.1.3 | wittebrood/vakansie | 1 |
| 2.1.4 | Sharon | 1 |
| 2.2 | Hanna het haar gesin 'n aangelapte gesin genoem, want ..<br>• Yann en Amos/Beyers se seuns was haar stiefbroers.<br>• Tibo was 'n halfbroer.<br>• Gavin was haar regte pa.<br>• Beyers was haar stiefpa.<br>• Margot was met Beyers getroud/Yann en Amos se ma.<br>• Tibo was haar "proefbuisboetie"/hy het 'n pa van "glas".<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Kan net gesinsverband ook noem, name opsioneel.)* | 2 |
| 2.3.1 | E/Ditjie se geboorte was anders as die gewone. | 1 |
| 2.3.2 | C/Hanna sou in die toekoms 'n beter verhouding met haar pa hê. | 1 |
| 2.3.3 | A/Hanna het besef dat haar gesin haar eintlik goed geken het. | 1 |
| 2.3.4 | B/Die afskeid het almal laat besef dat familie belangrik is. | 1 |
| 2.4.1 | sarkasties | 1 |
| 2.4.2 | • Yann het nié gedink dit was 'n goeie idee nie.<br>• Yann het gedink dit was 'n baie slegte idee.<br>• Yann het nooit gedink so iets sou met hom gebeur nie.<br>• Yann kon nie glo dat Beyers enigsins hieraan gedink het nie/so iets kon oorweeg nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 2.4.1* | 1 |


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| | *moet korrek wees om die punt by Vraag 2.4.2. te verdien.)* | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.5 | • Hanna het gesê dat Beyers die beste man was wat Mana nog ooit gehad het.<br>• Beyers het Mana en haar kinders aanvaar/verstaan/ondersteun/was 'n goeie pa.<br>• Beyers het vir Mana geskenke gegee wat by haar gepas het.<br>• Beyers het Mana toegelaat om haar kreatiewe self te wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.6 | C/sy 'n kamer met iemand sou deel nie. | 1 |
| 2.7 | • Dit maak die verhaal persoonlik/geloofwaardig.<br>• 'n Derdepersoonspreker kon die leser in die geloofwaardigheid van die verhaal laat twyfel.<br>• Hanna, die hoofkarakter, praat vanuit haar perspektief en ervarings.<br>• Die boek handel oor Hanna en die leser weet die hele tyd wat sy dink en doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.8 | 'n Mens kan dit as realisties beskryf omdat ...<br>• Yann en Hanna, as tieners, nie met kinders soos Tibo en Amos oor die weg sou kom nie.<br>• hulle verskillende lede van die aangelapte gesin was.<br>• hulle persoonlikhede en behoeftes verskillend was.<br>• hulle grootgeword het in 'n huis waar die ma nie geglo het aan tradisionele rolle nie.<br>• hulle soos tipiese broer en suster opgetree het (en nie hul spasie wou deel nie).<br>• dit normaal vir broers en susters is om te baklei/mekaar te terg/te verskil/mekaar uit te tart.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.9 | • Hanna het tipies soos 'n tiener gereageer/was verveeld.<br>• Hanna kon nie glo dat Beyers en Mana so onrealisties was nie.<br>• Hanna het verleë gevoel voor die eiendomsagente.<br>• Hanna het gedink Beyers en Mana was onverantwoordelik om nog 'n baba te hê.<br>• Hanna het geweet hulle het nie geld/vaste inkomste nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.10 | Ek het geleer dat ...<br>• geld nie geluk bring nie.<br>• jy nie 'n duur huis/klere/skoene/4x4 nodig het om gelukkig te wees nie.<br>• familie/tyd saam met familie belangriker as geld is.<br>• klein geskenkies waardeer word as dit van familie en vriende/uit mense se harte kom.<br>• jy nie baie materiële dinge hoef saam te neem om jou vakansie te geniet nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.11 | • Die koningin het in stormweer op die berg aangekom.<br>• Margot het Hanna mooi laat lyk op haar verjaarsdag.<br>• Margot het die leiding geneem met die baba se geboorte.<br>• Margot het haar seuns belowe dat sy gou weer sou kom kuier.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 4 |
| 2.12 | C/Johannesburg toe kon gaan vir die rol in 'n TV-reeks. | 1 |
| 2.13 | Ek sal kan saamstem, want Hanna ...<br>• het Margot met Ditjie se geboorte gehelp.<br>• het Margot se goeie punte raakgesien/haar gekomplimenteer.<br>• het Margot as 'n heldin gesien.<br>• sou Margot selfs deel van haar boek gemaak het.<br>• het besef dat Margot moeite gedoen het om haar verjaarsdag spesiaal te maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.14 | • Hanna wou (graag) ...<br>○ mooi tande/'n mooi vel gehad het.<br>○ ouers met 'n vaste inkomste gehad het.<br>○ 'n normale/kleiner gesin gehad het.<br>○ ouers met tradisionele beroepe gehad het.<br>○ 'n eksotiese naam soos Fabienne gehad het.<br>○ in 'n mooi groot/gewone huis woon.<br>• Hanna wou nie graag broers gehad het nie.<br>• Hanna het uit haar gesinsomstandighede ontsnap deur Fabienne.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 2.15 | Beyers het ...<br>• vir haar 'n Shakespeare-bundel gekoop.<br>• vir Hanna gesê sy moet skryf wat sy wil skryf/raad gegee oor haar skrywery.<br>• op grond van sy beroep haar liefde vir taal gedeel.<br>• gesê dat hy geëerd sal voel om haar gedigte te lees.<br>• Hanna toegelaat om Tibo en Amos te straf nadat hulle haar gedigte gelees het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.16 | **Aankoms op die berg:**<br>• Toe Gavin teen skemer nog nie daar was nie, was Hanna verlig, want sy wou hom nie regtig sien nie/was kwaad vir hom/was skaam/verleë oor haar pa se seksualiteit/manier van praat/voorkoms.<br>• Hanna het gedink dat haar pa geen gesonde verstand gehad het nie.<br>• Hanna was vies dat Sharon haar pa snaaks gevind het.<br>• Hanna het gedink hy is nie regtig lief vir haar nie. | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| | **Later:**<br>• Hanna het gesien dat haar pa die gees van die partytjie was.<br>• Hanna het ook sy snaaksighede geniet.<br>• Hanna het hom aanvaar soos hy is.<br>• Hanna het besef dat hy haar bewonder/altyd lief is vir haar.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | |
| 2.17 | aangename | 1 |
| 2.18 | Fabienne het ...<br>• alles gehad wat sy graag wou hê.<br>• die perfekte lewe gehad.<br>• nie nodig gehad om in die lewe te sukkel nie.<br>• nie 'n identiteitskrisis gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.19 | Aan die begin van die verhaal was Hanna ontevrede met haarself en alles omtrent haar lewe. (Daarom het sy van 'n **beter/volmaakte lewe gedroom**./Tot nou toe was al haar verhale verwyderd van die waarheid oor haar lewe.) ✓<br>Aan die einde van die roman het sy besef dat die lewe wat sy saam met haar gesin gehad het, die **werklikheid** is en dat dit glad nie so sleg is nie/dat dit eintlik 'n ware avontuur is. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 2.20 | Die skrywer se doel was om ...<br>• spanning te skep.<br>• die leser nuuskierig te maak oor wat volgende gaan gebeur.<br>• die leser se aandag deur die verhaal te behou.<br>• die verhaal interessant te maak.<br>• te wys dat baie jongmense soos Hanna met hul identiteit worstel.<br>• jongmense wat hiermee identifiseer, iets uit Hanna se verhaal/lewe te laat leer.<br>• vir jongmense die ander sy van die saak te wys/hulle te help om hulle eie situasies te hanteer.<br>• die leser te laat aanhou lees om uit te vind of/hoe Hanna se identiteitskrisis opgelos gaan word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Hermanus (Blanckenberg) | 1 |
| 3.1.2 | Salamanderbaai | 1 |
| 3.1.3 | af te pers/te dreig | 1 |
| 3.1.4 | seegraskonsessie | 1 |


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.2 | bevrees is | 1 |
| 3.3 | Skalla kon Fred se reputasie/goeie naam skade aandoen/vernietig/se skandale/geheime bekend maak.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.4 | • Fred het Veronica verkrag.<br>• Fred het Veronica betaal om (oor die verkragting) stil te bly.<br>• Veronica was swanger met Fred se kind.<br>• Veronica het vir Sheila vertel dat sy swanger was met Fred se kind.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.5 | • Skalla was betrokke by verkeerde/oneerlike dinge.<br>• Skalla was al in die tronk.<br>• Skalla was die swartskaap in die familie.<br>• Die res van die familie het altyd gewonder waar Skalla was en waarmee hy besig was.<br>• Skalla het veroorsaak dat Sheila in 'n rystoel beland.<br>• Skalla se pa wou hê dat sy twee seuns vrede maak/saam moet werk/mekaar ondersteun.<br>• Skalla het die skool na standerd ses verlaat.<br>• Skalla het vir Janka geskiet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.6.1 | D/se lewe in 'n rolstoel het Fred weggedryf. | 1 |
| 3.6.2 | E/het om die verkeerde redes Meeuland toe gegaan. | 1 |
| 3.6.3 | A/het gevoel dat Fred nie respek vir die familienaam gehad het nie. | 1 |
| 3.6.4 | C/het nie 'n goeie rolmodel gehad nie. | 1 |
| 3.7 | B/'n aggressiewe karakter is. | 1 |
| 3.8 | • Fred sou sy aansien/reputasie/respek in die gemeenskap verloor.<br>• Fred het nou net die verkiesing gewen en dit sou sy toekoms vernietig.<br>• Fred sou sy kinders nog verder seergemaak het.<br>• Fred sou sy kanse met Elsabet verspeel het.<br>• Fred sou die familienaam verder deur die modder gesleep het.<br>• Fred sou uitgekryt word as 'n moordenaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | • Sheila wou die familie/Hermanus/haar kinders beskerm.<br>• Sheila wou nie Fred se loopbaan vernietig nie.<br>• Sheila wou nie gehad het die mense moes haar jammer kry nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.10 | Ek het geleer dat ...<br>• geheime altyd sal uitkom.<br>• geld nie stilte kan koop nie.<br>• wat jy in die donker doen, aan die lig sal kom.<br>• die onreg aan ander mense jou kan vernietig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.11 | Die skrywer se doel was om ...<br>• spanning te skep.<br>• die leser nuuskierig te maak oor wat volgende gaan gebeur.<br>• die leser se aandag deur die verhaal te behou.<br>• die verhaal interessant te maak.<br>• die geheim iewers te laat uitkom vir die verstaan van die res van die verhaal.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.12 | • Elsabet het van Salamanderbaai af gevlug.<br>• Die geheim rondom Janka het uitgekom.<br>• Skalla het vir Janka geskiet.<br>• Jacob het in die tronk beland.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 4 |
| 3.13 | • Sheila se portret het (lewensgroot) in die portaal gehang./Elsabet was nie toegelaat om Sheila se portret te vervang nie.<br>• Elsabet het gevoel sy kompeteer met 'n dooie vrou.<br>• Fred het ingestem om die nuwe seiljag te koop, maar het dit na sy eerste vrou vernoem/dit *Sheila's Song 2* genoem.<br>• Elsabet het uitgevind Fred het 'n verhouding met Jackie.<br>• Fred was amper nooit by die huis nie.<br>• Fred het agteraf gekonkel.<br>• Fred het nooit vir haar opgestaan teen sy kinders nie.<br>• Fred se kinders het nie van Elsabet gehou nie.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 3.14 | B/Meeuland Elsabet se beskerming teen die wêreld was. | 1 |
| 3.15.1 | figuurlike | 1 |
| 3.15.2 | Ousanna verwys na Elsabet wat sterf/in die storm omkom.<br>*(Die antwoord op Vraag 3.15.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 3.15.2 te verdien.)* | 1 |
| 3.16 | Jannerik wou gehad het die geheim moes bewaar word (om sy kind se beeld te beskerm). ✓<br>Ryna het gedink dit is belangrik dat Janka weet wie haar pa was en dat Fred moes weet dat hy 'n dogter gehad het./Ryna het haar voorgeneem dat Jacob nooit moes weet Fred was Janka se biologiese pa nie. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.17 | • Albei se kinders het hulle op die een of ander manier teleurgestel. ✓<br>• Albei het 'n kind aan die dood afgestaan. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 3.18 | Ryna het ...<br>• aangehou sorg vir Janka en Jannerik.<br>• vrede gemaak met haar eie verlede.<br>• Jacob ondersteun toe hy van moord aangekla is.<br>• vir Fred die waarheid omtrent Janka vertel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.19 | Fred het ...<br>• skuld erken vir die verkeerde dade wat hy gedoen het.<br>• mense wat hom ondersteun het, bedank.<br>• berou getoon oor sy dade.<br>• Jacob met hofonkostes gehelp.<br>• besef dat hy die skade wat hy veroorsaak het, moes regmaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.20 | • Ryna het die meeste as karakter ontwikkel./Ryna het gegroei van gebroke persoon tot sterk vrou.<br>• Ryna het verander van iemand wat nie meer wou lewe nie na iemand wat vir ander wou lewe.<br>• Ryna het geleer om sterk te staan onder moeilike omstandighede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

www.mycourses.co.za

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1.1 | Braam | 1 |
| 4.1.2 | tronk/gevangenis/mang/tjoekie | 1 |
| 4.1.3 | geld/salaris | 1 |
| 4.1.4 | bedel/skarrel/vra vir geld | 1 |
| 4.2 | dit was nie iets wat hy regtig wou bywoon nie. | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.3 | • Wouter en Lien was albei nuwe leerders by Hoërskool Jakaranda.<br>• Nie een van hulle het aanvanklik van die skool gehou nie/wou daar wees nie./Omstandighede buite hulle beheer het hulle daar geplaas.<br>• Wouter en Lien het mekaar in hierdie nuwe omgewing ondersteun.<br>• Wouter en Lien het huislike omstandighede met mekaar gedeel en verstaan.<br>• Hulle het albei probleme by die huis gehad, bv. enkelma's, afwesige pa's en ma's wat kwaad is vir pa's.<br>• Wouter het Lien toegelaat om te wees wie sy is./Hulle was gemaklik by mekaar.<br>• Wouter het Lien ondersteun in die verskillende werke wat sy gedoen het.<br>• Hulle het mekaar se geselskap geniet/hy het haar laat lag.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 4.4.1 | C/Lien het geleer dat daar gevolge is as 'n mens die reëls oortree. | 1 |
| 4.4.2 | E/Lien het ervaring in verskillende tipe take gekry. | 1 |
| 4.4.3 | A/Lien het besef dat 'n mens ander mense eers moes leer ken voordat jy hulle oordeel. | 1 |
| 4.4.4 | B/Lien kon meer leer van 'n normale gesinslewe. | 1 |
| 4.5 | D/haar eenkant gehou. | 1 |
| 4.6 | • Lien het bedoel dat hulle jaloers moet wees/haar moet beny/nie daarvan moet hou nie/afgunstig moet wees/kwaad moet wees oor die tyd wat sy saam met Wouter deurbring.<br>• Lien was vermakerig om te bewys dat Wouter haar beste vriend was, nie hulle s'n nie.<br>• Lien het bedoel dat hulle moet doen wat hulle wil, sy en Wouter sal altyd beste vriende wees/nie haar vriend sal steel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.7 | • Lien is saam met Hein/'n ander vriend partytjie toe/was lief vir Hein.<br>• Wouter is saam met Riekie/'n ander vriendin partytjie toe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.8 | Lien ...<br>• het geweet Wouter bedoel dit as 'n grap.<br>• het gelag omdat hy 'n sensitiewe saak komies gemaak het./Wouter het op 'n snaakse/komiese manier na Lien se ma se drankprobleem/wyndrinkery verwys.<br>• was nie voor Wouter skaam oor haar ma se probleem nie/het geweet Wouter weet haar ma doen snaakse dinge as sy dronk is.<br>• kon dit in haar gedagtes sien en die humor waardeer.<br>• het geweet dit is die waarheid en Wouter het dit ligter gemaak.<br>• het nie haar ma se drinkery as inspirasie gesien nie.<br>• het besef dat Wouter dit nie sleg bedoel het nie. | 1 |

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.9 | Lien ...<br>• het nie deel gevoel van die groep nie.<br>• het nie geld/geld vir die matriekafskeid/klere vir die matriekafskeid gehad nie/kon dit nie bekostig nie.<br>• het nie 'n ma gehad wat haar sou help en ondersteun nie.<br>• was nou gefokus op oorlewing.<br>• het nie haar nuwe skool/matriekjaar geniet nie.<br>• het gevoel sy kon nie met die ander meisies kompeteer nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.10 | • Aanvaar jou eie huislike omstandighede/mense soos hulle is.<br>• Pas aan in 'n nuwe omgewing.<br>• Reik uit na ander mense in nood./Wees 'n ondersteunende vriend.<br>• Moenie mense oordeel vir hulle foute nie.<br>• Staan by jou vriende (in moeilike tye).<br>• Probeer ernstige sake humoristies hanteer.<br>• Wees altyd positief.<br>• Moenie jou ouers veroordeel oor hulle besluite nie.<br>• Moenie dat jou maats se voorkeure/houding jou verhoed om te doen wat jy graag wil doen nie.<br>• Laat mense dink wat hulle wil/moenie dat mense se opinies jou lewe beïnvloed nie.<br>• Jy kan met meer as een groep vriende wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.11 | • Lien het vir een van die rolle in die toneelstuk gelees.<br>• Lien en Miemie het die rekwisietekamer reggepak.<br>• Lien het haar bedelaarsvriende na die konsert toe genooi.<br>• Lien het haar ma in die kliniek besoek.<br>OF<br>• Lien het vir een van die rolle in die toneelstuk gelees.<br>• Lien en Miemie het die rekwisietekamer reggepak.<br>• Lien het haar ma in die kliniek besoek.<br>• Lien het haar bedelaarsvriende na die konsert toe genooi.<br>*(REDE: Die uitnooi van haar bedelaarsvriende word eers aan die einde van die konsert gesien.)* | 4 |
| 4.12.1 | figuurlike | 1 |
| 4.12.2 | • Dit verwys na Lien se ware talent op die verhoog/wat tuis voel op die verhoog.<br>• Dit verwys na Lien se passie/gevoel vir die verhoog.<br>• Die speeltalent is so deel van haar, dit moet uitgeleef word en kan nie gestop word nie.<br>• Dit bewys dat Lien gereed was om op te tree en nie op haar senuwees was, soos wat sy verwag het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 4.12.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 4.12.2 te verdien.)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.13 | B/maak die leser deel van die ruimte. | 1 |
| 4.14 | Lien se ma (Christien) het ...<br>• baie gedrink.<br>• nie vir die gesin gesorg nie/wyn gekoop in plaas van kos. (Voorbeelde soos verbrande roosterbrood, ens. kan ook genoem word)<br>• gesteel.<br>• dronk by die skool opgedaag.<br>• Lien gedwing om die ma se verantwoordelikhede oor te neem.<br>• haar werk verloor/gereeld tuis gebly en nie werk toe gegaan nie.<br>• vrolikheid weggeneem/opgehou klavier speel.<br>• na haar eerste besoek aan die kliniek weer begin drink.<br>• twee keer rehabilitasiesentrum/kliniek toe gegaan.<br>• gejok oor die feit dat sy weer begin drink het.<br>• heeltyd geslaap/haarself onttrek kamer toe.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 4.15 | **Bedelaarsvriende:**<br>Lien het saam met haar bedelaarsvriende gewerk/hulle swaarkry gedeel/probeer oorleef/hulle dadelik in haar vertroue geneem/gemaklik saam met hulle gevoel/was deel van hulle/hulle soos familie aanvaar. ✓<br>**Skoolvriende:**<br>Lien was tiener saam met party van haar skoolvriende, bv. konsert en later die partytjie/pret en kindwees beleef. ✓<br>OF<br>Lien het haar eenkant gehou en nie haar lewe met hulle gedeel nie./Lien was nie gemaklik by sommige van haar skoolvriende nie./Van haar skoolvriende het haar nie ondersteun nie/het min van haar af geweet. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die verskil moet duidelik blyk. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 4.16 | • Kuifie het Lien ...<br>○ en haar familie tuis gaan besoek en hulp aangebied.<br>○ gehelp met haar ma en die probleme rondom haar ma. (Voorbeelde: Lien se ma gehelp toe hulle haar vir diefstal wou arresteer/deur haar in die kliniek te laat opneem.)<br>○ van 'n lewe van aanhou bedel gered.<br>○ hoop gegee toe hy haar ma gehelp het.<br>○ se familie op praktiese maniere gehelp/gevra vir 'n lys sodat die kerk finansieel kan help.<br>○ werk gegee deur haar te vra om hulle kind op te pas.<br>• Kuifie het met Lien en Braam op hulle vlak gekommunikeer.<br>• emosioneel/geestelik gehelp.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.17 | **Ma:**<br>• Lien se ma het haar omgee gewys deur die musiekstuk wat sy gekies het.<br>• Lien se ma was nugter.<br>• Haar ma het netjies gelyk.<br>• Haar ma het haar eie passie uitgeleef.<br>• Haar ma het met die ander mense gemeng.<br>• Haar ma het gewys dat sy reg is om aan te beweeg.<br>• Haar ma het weer begin klavier speel.<br>• Haar ma het 'n vooruitsig van 'n moontlike werk by die laerskool gehad.<br>**Lien se toekoms:**<br>• Lien was meer seker oor wat sy wou doen./Lien het besluit om drama te gaan studeer./Lien het gevoel dat haar ma nou kon sien waarin sy belangstel/goed is.<br>• Die toejuiging het haar in haarself laat glo.<br>• Lien sou saam met ander jongmense kon kuier./Lien se verhouding met Hein kon ontwikkel.<br>• Lien kon haar verlede aanvaar./Lien het hoop gehad vir haar en haar ma se verhouding.<br>• Lien het gesien haar ma kon nugter bly en kon haar weer vertrou.<br>*(Enige EEN oor Lien se Ma en EEN oor Lien se toekoms, of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| | | |
| 4.18 | • Ek moet mense aanvaar.<br>• Ek is nie beter as ander mense nie./Almal, ryk of arm, is dieselfde.<br>• Liefde ken nie agtergrondverskille nie.<br>• Alles moet toeganklik wees vir almal.<br>• Mense kan hulle verskille vergeet vir 'n gemeenskaplike doel.<br>• Mense het dieselfde behoeftes vir vermaak/aanvaarding.<br>• Kuns/vermaak bring mense van verskillende agtergronde bymekaar.<br>• 'n Moeilike/swak agtergrond hou jou nie altyd terug in die lewe nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.19 | Die skrywer se doel was om ...<br>• dit toeganklik vir tieners te maak.<br>• tieners met die karakters te laat assosieer.<br>• dit geloofwaardig vir tieners te maak/die verhaal realisties te maak.<br>• humor in die roman te skep.<br>• dit beskrywend te maak.<br>• die karakters se leefwêreld uit te beeld.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **35** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 5: POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | Kaap/Nyanga | 1 |
| 5.1.2 | Stone/Tata-ka-Bonsile | 1 |
| 5.1.3 | regering/goewerment/munisipaliteit/polisie/soldate/wet | 1 |
| 5.1.4 | pas/paswet/(i)dompas/werkspermitte | 1 |
| 5.2 | (Bhuti) Plank het nie 'n pas gehad nie ✓ en hy was bang hy gaan ook tronk toe gevat word/deur hulle opgelaai/geslaan/geskiet word. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 5.3 | C/die polisie hom jammer gekry het. | 1 |
| 5.4 | Die kinders het gemaak soos Plank gemaak het/gedoen wat Plank gedoen het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.5.1 | D/... het 'n geliefde verloor. | 1 |
| 5.5.2 | E/... het ook ander verkeerde dinge begin doen. | 1 |
| 5.5.3 | A/... het besef dat die jongmense die grootmense vir die probleme blameer. | 1 |
| 5.5.4 | B/... het besigheid verloor. | 1 |
| 5.6 | Stone het ...<br>• vir hulle 'n nuwe huis gebou.<br>• beter werk by die fabriek aanvaar (al het hy geweet mense word siek.)<br>• 'n groentetuin by hul nuwe huis begin.<br>• gereeld geld vir Poppie gestuur toe sy in Mdantsane gaan bly het./Hy het nooit oorgeslaan nie.<br>• al sy geld vir Poppie gestuur.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.7 | ontevrede | 1 |
| 5.8 | • Dit wys/beklemtoon dat sy vies/ontevrede/kwaad/woedend was vir hulle.<br>• Dit ondersteun haar emosies/gevoelens.<br>• Die leser kan sien hoe Poppie voel/dat sy kwaad is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.9 | • Dit was nie bhuti Plank se skuld dat hy deur die polisie geslaan is nie.<br>• Dit was 'n ernstige situasie.<br>• Dit kon wrywing tussen die familie veroorsaak (wat toe gebeur het).<br>• Bhuti Plank was ouer as Jakkie, hy moes respek betoon.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.10 | • Hulle moes konstant vir die polisie vlug/wegkruip.<br>• Hulle was verplig om 'n pas te dra.<br>• Hulle is hardhandig/sleg deur die polisie hanteer.<br>• Dit het konflik in die familie veroorsaak.<br>• Hulle het in vrees/gevaarlike situasies geleef.<br>• Hulle kon nie normale lewens lei nie.<br>• Hulle vryheid is beperk.<br>• Hulle was weerloos teen die polisie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.11 | Ek kan by Poppie leer om ...<br>• altyd sterk te staan in moeilike situasies.<br>• nie moed op te gee nie, al gaan dinge moeilik.<br>• vas te hou aan my geloof.<br>• te veg vir dit waarin ek glo.<br>• my familie bymekaar te probeer hou.<br>• die mense vir wie ek omgee, eerste te stel.<br>• myself nie te bejammer nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.12 | • Stone het gesterf terwyl Poppie in Mdantsane was.<br>• Poppie het haar dogters Herschel toe gestuur.<br>• Poppie het werk by Mrs. Swanepoel gekry.<br>• Jakkie het 'n polisieman geskiet.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 4 |
| 5.13 | • Poppie moes gaan werk na Stone se dood.<br>• Poppie wou ...<br>○ hê haar dogters moes skoolgaan.<br>○ haar dogters weghou van die probleme in die Kaap.<br>○ nie toegelaat het dat haar dogters skool verlaat om na kinders te kyk nie.<br>○ glo dat haar skoonouers goed na die dogters sou omsien.<br>○ haar dogters toelaat om die Xhosa-tradisies te leer.<br>○ nie gehad het hulle moes alleen bly nie.<br>○ haar huis verhuur en reël dat Bonsile by die huismense inwoon.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 5.14.1 | met haarself praat | 1 |
| 5.14.2 | • Mama spreek haar gedagtes hardop uit.<br>• Mama wonder oor Jakkie.<br>• Mama was bekommerd oor Jakkie.<br>• Jakkie is nie daar nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 5.14.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 5.14.2 te verdien.)* | 1 |
| 5.15 | B/die polisie hulle wou forseer om te praat. | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.16 | • Poppie het gedink dat haar kinders veilig sou wees in Herschel, ✓ maar toe bring Jakkie die moeilikheid na hulle toe. ✓<br>• Poppie het gedink Herschel is ver genoeg van die Kaap af, ✓ maar Jakkie se aksies het hulle in gevaar gestel. ✓<br>• Poppie het gedink Herschel is ver genoeg van die Kaap af, ✓ want sy het nooit voorsien dat een van haar eie mense die opstande Herschel toe sou bring nie. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 5.17 | • Jakkie was aktief betrokke by opstande om die situasie te verander, ✓ terwyl Mosie net gewag het dat dinge moet verander. ✓<br>• Jakkie het geweld gebruik om verandering te weeg te bring, ✓ terwyl Mosie 'n vreedsame bestaan gevoer het/gehoop het dinge kom reg. ✓<br>• Jakkie was op die voorgrond van die opstande, ✓ terwyl Mosie op die agtergrond gebly het. ✓<br>• Jakkie het die polisieman geskiet, ✓ terwyl Mosie bereid was om saam met die blankes/Mr. Green se seun op die grens diens te gaan doen vir sy land. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 5.18 | Hy wou ...<br>• Poppie manipuleer/oorreed om inligting oor Jakkie te gee.<br>• Poppie bang praat sodat sy vir hom inligting sou gee.<br>• hê Poppie moes die erns van die saak verstaan.<br>• hê Poppie moes verstaan dat dit belangrik was om Jakkie aan te keer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.19 | • Die karakters is nie Afrikaanssprekend nie.<br>• Dit was normaal vir hulle om Engels, Afrikaans of Xhosa woorde/sleng te gebruik.<br>• Dit was normaal vir die karakters om hul taal te meng.<br>• Dit is hoe hulle gepraat het.<br>• Hulle is gedwing om Afrikaans op skool te leer, vandaar die vermenging van die taal.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.20 | Die skrywer se doel was om ...<br>• spanning te skep.<br>• die leser nuuskierig te maak oor wat volgende gaan gebeur.<br>• die leser se aandag deur die drama te behou.<br>• die drama interessant te maak.<br>• die politieke omstandighede van die verlede uit te lig.<br>• die swaar waardeur mense van die tyd gegaan het, uit te wys.<br>• die karakters (Poppie) wat aanhou probeer het om 'n verskil te maak, bekend te stel.<br>• die onreg van dompaswette wat gesinne opgebreek het, uit te lig.<br>• die stryd van vroue en hul kinders tydens apartheid, uit te wys.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1.1 | Karoo | 1 |
| 6.1.2 | leeu | 1 |
| 6.1.3 | Emma | 1 |
| 6.1.4 | praat/kommunikeer/gesels | 1 |
| 6.2 | Hy het ...<br>• Willem met die olifant laat stap.<br>• hulle gesigte geverf.<br>• toertjies gedoen.<br>• diere nagemaak.<br>• dieregeluide nagemaak.<br>• musiek gemaak.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 6.3 | • Hendrik het eers van Manuel uitgevind die dag toe hy geskiet is.<br>• Hendrik het nog gevra van watter hanswors/nar hulle gepraat het.<br>• Hendrik het vir Willem gevra wie die man is nadat hy geskiet is.<br>• Hendrik het onbegrypend na Jan Mol gestaar toe Jan van Manuel praat.<br>• Die nar was Willem se geheim.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.4.1 | D/... was nie meer te bang om te praat nie. | 1 |
| 6.4.2 | E/... het ophou droom om uit omstandighede te ontvlug. | 1 |
| 6.4.3 | A/... het besef dat konfrontasie nie die antwoord vir probleme is nie. | 1 |
| 6.4.4 | B/... se vertroue in liefde en verhoudings is herstel. | 1 |
| 6.5 | gedink die dominee keur dit goed. | 1 |
| 6.6 | D/sy ook stom was. | 1 |
| 6.7 | • Hendrik (wat teen die sirkus en sy mense was) het Manuel opgetel en huis toe gedra.<br>• Hendrik het sy geweer neergegooi/nie verder met die mans baklei nie.<br>• Hendrik het nie op Willem geskree en geskel nie/nie geweier om Manuel te help nie.<br>• Hendrik het Manuel aanvaar/in hulle huis verwelkom.<br>• Hendrik het saam met Katrien vir Manuel versorg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.8 | • Dit was nie 'n aanvaarde uitrusting vir kerk nie.<br>• Dit was teen die norm van die tyd/dorp.<br>• Die dorpsmense was nie gewoond aan sulke vreemde gewoontes nie.<br>• Hulle het, soos die dominee, geglo dat dit sonde was om jou gesig te verf.<br>• Die mense was konserwatief.<br>• Die mense het geglo dit is deel van die toordery/duiwelskuns in die skuur.<br>• Sommige mense vrees dit wat hulle nie verstaan nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.9 | Ek kan leer dat ...<br>• jy nie mense moet oordeel voor jy hulle ken nie.<br>• jy verdraagsaam met ander se verskille moet wees.<br>• jy mense nie moet oordeel oor goed wat jy nie verstaan nie.<br>• mense soms dieselfde as jy is, al dink jy nie so nie.<br>• ons nie altyd mekaar se sorge of uitdagings verstaan nie.<br>• jy mense moet aanvaar net soos hulle is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.10 | • Sy was vasgevang in haar huis/op die klein stasie.<br>• Sy het 'n baie jaloerse man gehad/moes van plek tot plek trek (omdat haar man haar nie vertrou het nie).<br>• Sy moes met 'n gebroke huishouding saamleef.<br>• Sy het na 'n gelukkiger lewe weg van die stasie/Hendrik gesmag.<br>• Hulle het 'n armoedige bestaan gevoer/sy wou graag mooi goed hê (blou oorkrabbers).<br>• Katrien het alleen/eensaam in haar verhouding met Hendrik gevoel.<br>• Sy het ander verwagtinge van Hendrik se loopbaan gehad en dit het nie uitgedraai soos wat sy gehoop het nie.<br>• Hendrik het nie sinvol met haar gekommunikeer nie.<br>• Sy het 'n kind gehad wat nie wou praat nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.11 | • Die McDonalds het Manuel versorg nadat hy geskiet is.<br>• Emma het haar pa oor hulle swak kommunikasie gekonfronteer.<br>• Die dorpsmense het saam met die McDonalds partytjie gehou.<br>• Willem het op die windpomp gesit en konsertina gespeel.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 4 |
| 6.12 | • Willem was weer 'n gelukkige kind./Hy gaan aanhou gelukkig wees/nooit weer ongelukkig wees nie.<br>• Die seer van die verlede was verby.<br>• Willem het nou geleer hoe om sy probleme te hanteer.<br>• Willem sou onthou wat Manuel vir hom geleer het/beteken het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.13 | • Nadat Hendrik aanvanklik gekant was teen die sirkus en alles wat daarmee verband gehou het, ✓ kon hy nou die waarde daarvan sien. ✓<br>• Hendrik maak eintlik 'n grap ✓ oor Manuel se toorgoed deur daarna te verwys soos die dorpsmense dit genoem het. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 6.14 | Aan die begin van die drama wou sy nie 'n verhouding met Nollie gehad het nie/hom nie 'n kans gegee het nie/niks met hom te doen gehad het nie/het sy haar vererg as haar pa hom aan haar wou afsmeer. ✓<br>Aan die einde van die drama het sy besluit om Nollie 'n kans te gee/saam met hom Volstruisdans toe te gaan/toegelaat om haar te soen. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 6.15 | C/gedink het ander mense sou dink sy lyk goedkoop. | 1 |
| 6.16 | Hy ...<br>• en Hendrik was gereeld in konflik.<br>• het die dorpsmense teen die McDonalds opgesweep. (Volstruisdans)<br>• het die nar/Manuel geskiet (na 'n waarskuwing van Hendrik om dit nie te doen nie.)<br>• was een van die mans wat die McDonalds by die Volstruisdans met eiers en tamaties gegooi het.<br>• het ook klippe agter die kar aangegooi toe hulle wegry.<br>• het stories in die dorp versprei dat die McDonalds met duiwelsaanbidding besig was.<br>• het beweer dat Frans en Katrien 'n verhouding het.<br>• het met Frans baklei omdat hy die McDonalds verdedig het.<br>• was die een wat Manuel herken het as die nar wat Willem geteken het.<br>• het die manne aangemoedig om die nar te skiet.<br>• het gesê hulle moet die skuur deursoek.<br>• het op die wasgoedlyn geskiet nadat Emma Manuel se klere opgehang het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.17 | Die dag toe die trein aangekom het, was Hendrik ontevrede (omdat hy nie in die saak geken is nie)/kwaad (omdat die mans met Emma gelol het)/vernederd (omdat die mans hom beledig het)/bekommerd oor sy vrou (wat so ongelukkig was). ✓<br>Hendrik voel nou tevrede (oor sy familie/gesin wat met mekaar praat)/nie meer kwaad/ontevrede/bekommerd (oor sy vrou wat wou weggaan) nie/dankbaar (oor sy vrou en gesin wat nou weer sy lewe deel). ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 6.18.1 | aangenaam verras | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.18.2 | Hy het ...<br>• vir haar gesê sy lyk mooi/haar voorkoms gekomplimenteer.<br>• vir haar uit 'n gedig/Shakespeare aangehaal.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 6.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 6.18.2 te verdien)* | 1 |
| | | |
| 6.19 | Emma ...<br>• het haar ma gekomplimenteer/gesê sy lyk mooi.<br>• en Katrien het met mekaar/oor vrouedinge gepraat.<br>• en Katrien het iets saam gedoen.<br>• en Katrien het albei na die Vostruisdans uitgesien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.20 | Die skrywer se doel was om ...<br>• spanning te skep.<br>• die leser nuuskierig te maak oor wat volgende gaan gebeur.<br>• die leser se aandag deur die drama te behou.<br>• die drama interessant te maak.<br>• te wys watter probleme in 'n familie kan opduik as kommunikasie ontbreek.<br>• die leser te laat aanhou lees om te sien of/hoe die gebrekkige kommunikasie in die gesin opgelos word.<br>• die leser by die gesin se probleem en die oplossing daarvan, te betrek.<br>• te wys dat baie families in dieselfde situasie is en daarom met die inhoud van die drama kan identifiseer.<br>• 'n algemene probleem in vandag se samelewing uit te wys.<br>• vir die leser te wys dat die probleem oorkom kan word.<br>• die leser te leer dat goeie kommunikasie belangrik is vir suksesvolle verhoudings.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

www.mycourses.co.za

## VRAAG 7: *FIELA SE KIND, DIE DRAMA* – Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1.1 | tel | 1 |
| | | |
| 7.1.2 | Selling | 1 |
| | | |
| 7.1.3 | Wolwekraal | 1 |
| | | |
| 7.1.4 | volstruise/volstruisvere/vere | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.2 | • Daar was nie 'n pad nie.<br>• Dit was baie bergagtig.<br>• 'n Klein kind sou nie alleen oor die berge kon loop nie.<br>• Die kind was net 3 jaar oud.<br>• Die kind was skoon en netjies.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 7.3 | B/hy grootvoete gejag het sonder dat hy 'n lisensie gehad het. | 1 |
| 7.4 | gemanipuleer | 1 |
| 7.5 | • Die feit dat Benjamin huis toe wou gaan, bevestig dat hy glo hy is Fiela se kind.<br>• Benjamin het vir die magistraat gesê dat die Here hom aan Fiela toebetrou het.<br>• Fiela was die enigste ma wat hy geken het.<br>• Benjamin het aanhoudend gesê dat Fiela sy ma is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.6.1 | E/... moes aanvaar wat ander oor hulle lewens besluit het. | 1 |
| 7.6.2 | D/... se gesondheid het verder verswak. | 1 |
| 7.6.3 | A/... het met skuldgevoelens saamgeleef. | 1 |
| 7.6.4 | C/... kon die mooi dinge in die Bos met iemand anders deel. | 1 |
| 7.7 | Hy ...<br>• het homself nog steeds as Benjamin gesien.<br>• wou nie sy nuwe familie aanvaar nie/het bly sê die Van Rooyens is nie sy familie nie.<br>• het probeer wegkom uit die Bos/Nina met 5 sjielings omgekoop om hom die pad uit die Bos te wys.<br>• het in sy hart bly glo dat hy 'n Komoetie is.<br>• het reeds in die hof die magistraat oortuig dat hy hom moes laat teruggaan na Fiela toe.<br>• het die geleentheid gekry om by die see te bly (en Nina gevra om te sê hy gaan nie weer terug Bos toe nie.)<br>• het vir Nina gesê dat Fiela sy ma is en nie Barta nie.<br>• wou nie saam met Nina Bos toe gaan nie, want hy het geglo Fiela gaan hom kom haal.<br>• het nie die Van Rooyens as sy familie gesien nie/het nie gereageer op die naam, Lukas, nie.<br>• het ander waardes by Fiela as by die Van Rooyens geleer.<br>• het aanvanklik geweier om Elias en Barta Pa en Ma te noem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.8 | • Elias het ekstra hulp gehad./Daar was nog iemand wat Elias kon help.<br>• Hy sou meer balke kon saag en verkoop/kon meer geld verdien.<br>• Dit was tot Elias se voordeel dat Lukas Nina leer lees en skryf het, want sy sou makliker werk op die dorp kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.9 | • Hy het Nina aangemoedig/kans gegee om uit die Bos te kom/weg te kom van Elias se swak behandeling.<br>• Nina het in kontak gekom met ander mense/*Miss* Weatherbury ontmoet.<br>• Nina het opgevoed geraak/hy het haar leer lees en skryf.<br>• Nina kon haar eie geld verdien.<br>• Dit het Nina 'n rede gegee om 'n beter mens te word.<br>• Sy het nou gehoor daar is 'n ander wêreld buite die Bos.<br>• Hy het van haar werk gedoen.<br>• Nina kon selfs in Knysna op Lukas se ondersteuning staatmaak.<br>• Sy het 'n vriend in Benjamin gevind met wie sy geheime kon deel.<br>• Sy het verlief geraak op hom en kon 'n toekoms met hom deel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.10 | • As ma wou sy die kind beskerm/hom laat voel hy is deel van hulle.<br>• Barta het geweet dit was nie haar kind nie.<br>• Barta was bang hulle beland in die moeilikheid (as die magistraat sien hy word geslaan.)<br>• As ma het sy vir hom jammer gevoel, want hy was so maer.<br>• Sy het geweet hoe wreed/gewelddadig Elias was, daarom smeek sy hy moet die kind los.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.11 | • Lukas het werk by Kaliel September vir kos en blyplek gekry.<br>• Miss Weatherbury het weer vir Nina werk gegee nadat sy in die Bos was.<br>• Nina het die nuus gebring dat Dawid dood is.<br>• Mister Benn het vir Lukas werk in die loodsboot gegee.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 4 |
| 7.12 | • Hulle moes die saak uitpraat/deurpraat.<br>• Hulle moes reguit met mekaar praat/oor die waarheid praat.<br>• Hulle moes die saak oplos.<br>• Hulle moes vir mekaar sê hoe hulle voel.<br>• Benjamin moes nooit dink omdat 'n bruin gesin hom grootgemaak het, hy geen kans gehad het nie.<br>• Fiela moes hom help sin maak met alles wat hom pla.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Ons aanvaar nie **bespreek** nie.)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.13 | • Dit sou Benjamin die kans gee om op sy eie voete te staan./Dit het hom 'n kans in die lewe gegee.<br>• Benjamin sou vir homself kon sorg/finansieel onafhanklik wees.<br>• Benjamin sou hom nie hoef te skaam (dat 'n bruinvrou hom grootgemaak het) nie.<br>• Dit sou vir Benjamin 'n identiteit gee/hy sou hoort.<br>• Fiela het hierdeur gewys hoe lief sy hom gehad het.<br>• Fiela wou gehad het hy moes deel van die familie voel.<br>• Dawid was dood.<br>• Tollie sou sy regmatige deel/Wolwekraal kry as hy sou ophou drink.<br>• Kittie en Emma is meisiekinders en hulle sou die trommel kry.<br>• Fiela het vir al haar kinders se toekoms voorsiening gemaak en Benjamin was haar kind.<br>• Fiela het geweet dat hy as wit en volwasse man nie vir altyd by haar in dieselfde huis kon bly nie.<br>• Dit sou in 'n mate verseker dat hy terugkom, want hy sou sy eie grond hê.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 7.14.1 | figuurlik | 1 |
| 7.14.2 | Fiela ...<br>• het geskrik/was bang/verbaas/geskok/ongemaklik.<br>• was bekommerd oor wat Benjamin gesê het.<br>• was onseker oor die situasie.<br>• het 'n vrees gehad vir wat dit vir Benjamin kon beteken/wou nie hê Benjamin moes seerkry nie.<br>• het gedink Benjamin het nou erken dat hy 'n Van Rooyen was.<br>• het nie verwag/geglo dat Benjamin op Nina verlief sou raak/verlief geraak het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 7.14.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.14.2 te verdien.)* | 1 |
| 7.15 | C/Benjamin die antwoord in die Bos moes gaan soek. | 1 |
| 7.16 | • Benjamin se krisis was rondom sy identiteit/wie hy regtig is/~~om~~dat hy op Nina verlief geraak het. ✓<br>• Barta se innerlike konflik was rondom die feit dat sy oor die kind gelieg het/sy het geweet wat die waarheid is, maar sy het nie geweet of sy dit moes sê nie/skuldig gevoel het omdat Benjamin worstel met sy identiteit/of sy die waarheid moes praat. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.17 | • Elias het nooit gedink dat Barta sterk genoeg was om standpunt in te neem nie, ✓ maar intussen het sy vir lank 'n groot geheim gehou. ✓<br>• Elias het baie verkeerde dinge gedoen/het vir die Boswagter gelieg oor Lukas wat gelukkig by hulle was/was skelm oor baie dinge, ✓ maar nou was hy geskok oor die feit dat Barta gelieg het/skelm was/verkeerde dinge gedoen het. ✓<br>• Elias was gewoond daaraan dat Barta gedoen het soos hy van haar verwag het, ✓ maar in hierdie geval het sy so iets van hom weggehou/haar eie kop gevolg. ✓<br>• Elias was gewoond daaraan dat Barta nie vir haar self kon besluit nie ✓, maar nou het sy op haar eie met die waarheid na vore gekom. ✓<br>• Elias was die slegte karakter/leuenaar wat verkeerde dinge gedoen het, ✓ maar nou was hy geskok oor Barta se leuen. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 7.18 | Fiela het ...<br>• hom in die regte rigting gestuur.<br>• die keuse/besluit aan hom oorgelaat./Sy het nie haar eie idees op hom afgedwing nie.<br>• hom laat besluit om na Barta toe te gaan om haar oor sy identiteit te konfronteer.<br>• hom raad gegee wat hom uiteindelik verlos het.<br>• hom raad gegee wat hom sy identiteit laat ontdek het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.19 | Ek kan leer dat ek ...<br>• altyd na die waarheid moet soek.<br>• nie moet vergeet waar ek vandaan kom nie.<br>• my opvoeding/waardes moet onthou.<br>• ander moet respekteer/nie respek kan afdwing nie.<br>• nie my opinie op ander moet afdwing nie.<br>• my hart moet volg/net myself moet wees.<br>• hulp by die regte mense moet soek/vra wanneer dit nodig is/met iemand oor my probleme moet praat.<br>• die raad van geliefdes kan vertrou.<br>• op my ma se liefde kan staatmaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.20 | Die skrywer se doel was om ...<br>• spanning te skep.<br>• my nuuskierig te maak oor wat volgende gaan gebeur.<br>• my aandag deur die drama te behou.<br>• die drama interessant te maak.<br>• belangstelling uit te lok oor wie Benjamin werklik is.<br>• my te boei om uit te vind of Benjamin eindelik uitgevind het wie hy is.<br>• simpatie by my te wek oor die onreg/probleme in Benjamin se lewe.<br>• te wys dat jou biologiese ma nie noodwendig jou identiteit bepaal nie.<br>• te wys dat liefde nie deur velkleur bepaal word nie.<br>• my te wys dat mens nie ligtelik oor 'n ander se toekoms kan besluit nie.<br>• te wys dat mense soms met identiteitskrisisse sukkel, maar daardeur werk.<br>• my bewus te maak dat ons self kan kies wie ons wil wees.<br>• my te laat dink waar jou plekkie in die son is, want daar is baie mense wat voel dat hulle nie behoort nie.<br>• my te laat besef dat jou probleme nie uniek is nie, ander mense ervaar ook soortgelyke probleme.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **35** |

**AFDELING C: KORTVERHALE**

**VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE***

8.1 **'OOM DRIES SE SORGE MET JANTJIE' – Felicia Goosen**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 (a) | Driefontein | 1 |
| 8.1.1 (b) | (Groot) Dawid | 1 |
| 8.1.1 (c) | (warm) melk | 1 |
| 8.1.1 (d) | swaai/skoppelmaai/speelding | 1 |
| 8.1.2 | Jantjie het ...<br>• vrugte (koejawels/dadels) verwoes.<br>• teiken gegooi met die hoenders se eiers/eiers stukkend gegooi.<br>• katte doodgebyt/doodgemaak.<br>• een van Abraham se kinders (aan die kuit) gebyt.<br>• Sofie met sy kosbak gegooi.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.3 (a) | E/Oom Dries het besef dat hy Jantjie se stoutigheid nie langer kon duld nie. | 1 |
| 8.1.3 (b) | A/Jantjie het aggressiewer geword. | 1 |
| 8.1.3 (c) | D/Oom Dries het verstaan waarom oom Thysie Jantjie wou doodskiet. | 1 |
| 8.1.3 (d) | B/Oom Dries kon nie tot rus kom nie. | 1 |
| 8.1.4 | bang | 1 |
| 8.1.5 | C/nie verwag het om oom Thysie daar te sien nie. | 1 |
| 8.1.6 | • Oom Dries het nooit weer iets van Jantjie "gesien" nie.<br>• Oom Dries het Jantjie nie weer by die swaai gesien nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.7 (a) | • Die mense/plaasboere het baie probleme met die bobbejane gehad.<br>• Oom Dries het bobbejane geken en moes geweet het dat die bobbejaan moeilikheid sou veroorsaak.<br>• Bobbejane word nie mak nie/kan nie troeteldiere wees nie.<br>• Bobbejane is van nature stout en vernielsugtig.<br>• Oom Dries het vir die bobbejaantjie 'n naam gegee en dit het van die diertjie 'n mens gemaak.<br>• Wilde diere hoort in die natuur.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.7 (b) | Ek het geleer dat ...<br>• mense nooit seker kan wees hoe diere sal reageer nie.<br>• mense moet verstaan dat diere volgens hulle eie aard en instink optree.<br>• al bedoel jy goed teenoor 'n dier, beteken dit nie dat die dier dit so gaan verstaan nie.<br>• ek altyd daarop bedag moet wees dat enige dier 'n dier bly.<br>• ek nie kan verwag dat 'n dier soos 'n mens moet/sal optree nie.<br>• die oomblik wat 'n dier iemand seermaak of iets verniel, ek dadelik 'n ander plan moet maak.<br>• mense nie wilde diere uit hulle natuurlike habitat moet neem nie.<br>• mense die natuur moet respekteer en nie inmeng nie.<br>• bobbejane nie as troeteldiere aangehou kan word nie.<br>• wilde diere wild bly/gevaar inhou vir mense.<br>• mense ly as gevolg van ondeurdagte besluite.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.8 | • Jantjie het nou die persoon wat vir hom gesorg het, aangeval.<br>• Jantjie het al stouter/erger geraak.<br>• Die mense het nie beheer oor Jantjie gehad nie.<br>• Jantjie kon dalk iemand ernstig beseer/doodmaak/was gevaarlik.<br>• Oom Thysie het besef dat oom Dries nie vir Jantjie sou kon skiet nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.9 | Ek sou ...<br>• Jantjie op 'n ander plek gaan begrawe het.<br>• gewonder het of ek regtig vir Jantjie gesien het/dit net my verbeelding was.<br>• my glad nie daaraan gesteur het nie.<br>• dit gelos het, want ek sou gedink het dat hy my oppas.<br>• soos oom Thysie, eers probeer het om die spook te skiet.<br>• geskrik het/bang gevoel het/nuuskierig gewees het/weggehardloop het (want spoke maak my bang.)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

8.2 **'DIE BALLADE VAN ROBBIE DE WEE' – Deon Meyer**

| | | |
|---|---|---|
| 8.2.1 | • Cybelene het Len aan Robbie voorgestel.<br>• Sasha het in Robbie se hotelkamer gesterf.<br>• Len het op die Internet gelees van verskeie meisies wat verdwyn het.<br>• Die ou mans op Amersfoort het Robbie se ware storie vir Len vertel.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 4 |
| 8.2.2 | • Robbie was die een wat gesorg het dat Len geld verdien.<br>• Robbie was Len se bron van inkomste.<br>• Robbie het Len ryk/suksesvol gemaak/'n gemaklike lewe laat lei.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.3 | Len het **weersin** gevoel, omdat hy geweet het dat Robbie verskeie meisies vermoor het/verkeerd opgetree het. ✓<br>Len het **empatie** gevoel, omdat hy uitgevind het dat Robbie as kind mishandel/misbruik is/die voorbeeld wat Robbie se ouers gestel het, sy lewe as volwassene baie negatief gevorm het/as kind fisies en seksueel deur sy pa misbruik is. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 8.2.4 | D/Robbie te vermoor. | 1 |
| 8.2.5 (a) | daar spanning in Robbie opbou | 1 |
| 8.2.5 (b) | Die spanning wat in Robbie opbou, word raakgesien in ...<br>• Len se beskrywing van Robbie se liggaamstaal, (bv. tamheid; begrip wat oor hom daal; lyf laat ineenkrimp; kom gedwee saam; hy knik, klein, ens.)<br>• Robbie se sagte manier van praat.<br>• Sekere woorde, (bv. gedwee; klein; ek kan dit nie help nie, ens.)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 8.2.5 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 8.2.5 (b) te verdien.)* | 1 |
| 8.2.6 | Len en Robbie het vir mekaar gesê dat hulle verkeerde dinge van mekaar geweet het. ✓✓<br>OF<br>Len en Robbie het van mekaar verskil oor of hulle mekaar nodig gehad het of nie. ✓✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |

www.mycourses.co.za



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.7 | Dit is ironies, want ...<br>• in sy lewe was Robbie 'n sukkelende kunstenaar, ✓ maar na sy dood het sy CD baie geld verdien. ✓<br>• Robbie het geen voordeel daaruit getrek nie/is dood, ✓ maar Len sou baie geld daaruit maak omdat Robbie dood is. ✓<br>• Robbie het geen erkenning gekry nie, ✓ maar Len het die geleentheid gekry om deur die media geprys te word. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 8.2.8 | • Hy het weer die verkeerde ding gedoen.<br>• Hy het weer mense te na gekom/hy het Robbie vermoor.<br>• Hy het nie sy tweede kans reg/positief/eerlik benut nie.<br>• Hy het steeds uit gierigheid die besluite gemaak.<br>• Hy het weer vir die media gelieg/nie die waarheid oor Robbie gepraat nie.<br>• Hy het juis geleer hoe om nie uitgevang te word nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.9 | • Niemand sou Len van moord verdink het nie./Almal sou gedink het dat Robbie selfdood gepleeg het.<br>• Len sou baie geld maak uit die CD-verkope./Mense sou nuuskierig raak en meer CD's koop.<br>• Ander kunstenaars sou van Len se diens gebruik maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.10 | • Die inhoud handel oor Robbie de Wee se lewe/lief en leed.<br>• Ballades gaan oor die lief en leed van mense/was die tipe musiek wat Robbie gesing het.<br>• Robbie se lewe was self soos 'n ballade.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **35** |

www.mycourses.co.za

## AFDELING D: GEDIGTE

### VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **'Tien haikoes vir die Vredefortkoepel' – Hans du Plessis**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.1 | Vredefort/Vrystaat | 1 |
| 9.1.2 | • Dit het nie 'n (vaste) rympatroon nie.<br>• Dit het 17 lettergrepe./Dit het 'n 5-7-5 lettergreeppatroon.<br>• Dit is 'n eenvoudige digvorm.<br>• Dit bestaan uit 3 reëls.<br>• Dit spreek die lesers se emosies aan.<br>• Dit handel gewoonlik oor die natuur.<br>• Die gedig sê baie met min woorde.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINES
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.3 | • "klap lewe uit die aarde uit"<br>• "'n klipvuis (en) klap lewe"<br>• "klief 'n klipvuis"<br>*(Enige EEN. Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens is nie. Ons aanvaar nie net **klipvuis** en **klap** nie. Aanvaar die aanhaling van reël 2 en 3.)* | 1 |
| 9.1.4 | • "vee"<br>• "vee weg" (wegvee)<br>• "jaag"<br>*(Enige EEN. Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 9.1.5 (a) | silwer | 1 |
| 9.1.5 (b) | verstom/skoon verstom | 1 |
| 9.1.5 (c) | grond | 1 |
| 9.1.5 (d) | lewe | 1 |
| 9.1.6 (a) | C/alliterasie | 1 |
| 9.1.6 (b) | D/metafoor | 1 |
| 9.1.6 (c) | B/assonansie | 1 |
| 9.1.7 | • "veerlig dwarrel"<br>• "takke los"<br>• "dwarrel herfs"<br>• "kil takke"<br>*(Enige EEN. Dit moet TWEE opeenvolgende woorde wees. Penaliseer nie as die woorde nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 9.1.8 | "oorheers"<br>*(Net EEN woord. Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 9.1.9 | • Die haikoe verwys na die koepel, wat 'n wêrelderfenis(gebied) is/wat bewaar word.<br>• Die woord "Vredefortkoepel" in die titel sluit (direk) aan by die opskrif van haikoe 7.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.1.10 (a) | verwoes | 1 |
| 9.1.10 (b) | • Die mens gebruik byle en treksae om bome af te kap/kap bome af/ vernietig die diere se habitat.<br>• Deur die gebruik van die byl en die treksaag veroorsaak die mens nog meer besoedeling/verwoesting.<br>• Oorbenutting van natuurlike hulpbronne laat diere skade ly.<br>• Die diere raak siek van die rook/besoedeling.<br>• Die aarde kry swaar as gevolg van ontwikkeling/besoedeling.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 9.1.10 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 9.1.10 (b) te verdien.)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.11 | D/ironies | 1 |
| 9.1.12 | • Ek leer dat die mens ...<br>○ geen ontsag vir die natuur/aarde het nie/ontsag moet hê vir die natuur/aarde.<br>○ nie die wêreld oppas nie/die wêreld moet oppas/beter na die wêreld moet omsien, (anders gaan daar niks vir die nageslag oorbly nie.)<br>○ voorkeur gee aan vooruitgang, tot nadeel van die natuur/verwoes sonder om te dink aan die gevolge van wat hulle doen.<br>○ sal boet vir die vernietiging van die aarde/verantwoording sal moet doen.<br>• Ek leer dat die lewe 'n kringloop is.<br>• Ek leer dat lewe na vernietiging volg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

9.2 **'Boekmerk' – Marlise Joubert**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.1 | Die onderwyser(es)/juffrou/die "sy" | 1 |
| 9.2.2 | • wange<br>• hande<br>• lyfies/liggame<br>• bewegings/hardloop deur die gange<br>• kinders wil nie graag skool toe kom nie/sukkel om soggens op te staan<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde. Versreëls kan aangehaal word.)* | 3 |
| 9.2.3 (a) | figuurlik | 1 |
| 9.2.3 (b) | • Kinders sukkel om op te staan vir skool.<br>• Kinders hou nie daarvan om elke dag skool toe te gaan nie.<br>• Ouers moet sukkel om kinders uit die bed/gereed vir skool te kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 9.2.3 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 9.2.3 (b) te verdien.)* | 1 |
| 9.2.4 | • Die kinders doen presies dieselfde dinge/vra dieselfde vrae/kla oor dieselfde dinge/raas net so hard/is ewe besig soos toe die spreker op skool was/hulle "mor en protesteer".<br>• Die woord "ook" sê dat hulle dieselfde was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar ook direkte aanhaling wat dit bewys.)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.5 | • **Herhaling** (van die vraag **waarom**, die woord **van** en van die woord **en).**<br>• Daar is **geen leestekens** nie, (wat pas by die kinders se vrae wat uitborrel/aanhoudend is/baie vrae wat kinders vra).<br>• Die gebruik van die **enjambement, (**wat daarop dui dat kinders die een vraag na die ander vra, sonder om te rus).<br>• **Inkeping** (hef die boodskap van mor en protesteer uit/die strofe is na regs geskuif).<br>• **Retoriese vrae**<br>• **Vraagstelling,** bv. baie vrae/kort vrae<br>• Geen **hoofletters** nie/gebruik van kleinletters<br>*(Enige TWEE tegnieke of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 9.2.6 (a) | wending | 1 |
| 9.2.6 (b) | • Daar is 'n verandering in die onderwyser(es)/spreker se siening van die kinders en skool.<br>• Daar is 'n verandering in die onderwyser(es)/spreker se benadering tot die kinders/gaan nou die kinders se dae oor maak/beter maak/anders maak/lekkerder maak.<br>• Die onderwyser(es)/spreker het deel geword van die kinders se onderrig/staan nie meer eenkant nie.<br>• Die onderwyser(es)/spreker gaan nou harder werk vir die kinders.<br>• Die onderwyser(es)/spreker wil nou 'n verskil maak aan die kinders se herinneringe.<br>• Die onderwyser(es) besef sy speel 'n belangrike rol in die kinders se lewens.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 9.2.6 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 9.2.6 (b) te verdien.)* | 1 |
| 9.2.7 | In strofe 1 tot 3 is die toon afsydig/verwyderd/krities/negatief/saaklik/ intens/ongemotiveerd/moedeloos/neerdrukkend/heimwee/waarnemend. ✓<br>In strofe 4 tot 6 is die toon liefdevol/begrypend/positief/kalm/spreek van omgee of samehorigheid/bemoedigend/opgewek/inspirerend/vrolik/ gemotiveerd/aanmoedigend. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die verskil moet duidelik wees. Sien die algemene nasienriglyne.)* | 2 |
| 9.2.8 | C/die spreker se direkte woorde aan die kinders aan te dui. | 1 |
| 9.2.9 | • Dit dui daarop dat die onderwyser/spreker nie meer eenkant staan/'n toeskouer is nie, maar deel is van die kinders vir wie sy/die spreker skoolhou.<br>• Dit sluit aan by die wending toe sy/die spreker namens die mossiekinders begin werk, dus betrokke by hulle was.<br>• Die samehorigheid wat daar tussen onderwyser en kinders behoort te wees, word uitgedruk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.10 | Dit is nie realisties nie, want ...<br>• niemand kan iemand anders teen alle onheil beskerm nie.<br>• niemand weet wat in 'n ander se toekoms lê nie.<br>• 'n onderwyser se ideaal is nie noodwendig die kinders se ideaal nie.<br>• nie alle kinders het goeie herinneringe van hulle skooldae nie.<br>• herinneringe sal nie jou probleme uitsorteer nie.<br>• die lewe bestaan uit goed en sleg; ons kan nie die lewe beheer nie.<br>• die lewe is soms onregverdig.<br>• niemand kan seerkry vryspring nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.11 | • Die sukses van onderwys hang van onderwysers én kinders af.<br>• Hulle het mekaar nodig om goeie herinneringe te kan bou.<br>• As daar nie samewerking tussen onderwysers en kinders is nie, kan leer nie plaasvind nie.<br>• Samewerking is die basis van enige goeie verhouding.<br>• Sodat leerders beter punte kan kry/harder werk.<br>• Hulle hou van die onderwyser en werk harder.<br>• Dit maak skool lekker vir kinders./Kinders is positief oor skool/voel gemaklik in die skool.<br>• Dit veroorsaak minder konflik/spanning./Bring harmonie/beter kommunikasie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING D:** | **35** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


Source: www.mycourses.co.za